



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

COPYRIGHT AND CITATION CONSIDERATIONS FOR THIS THESIS/ DISSERTATION



- Attribution — You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
- NonCommercial — You may not use the material for commercial purposes.
- ShareAlike — If you remix, transform, or build upon the material, you must distribute your contributions under the same license as the original.

How to cite this thesis

Surname, Initial(s). (2012) Title of the thesis or dissertation. PhD. (Chemistry)/ M.Sc. (Physics)/ M.A. (Philosophy)/M.Com. (Finance) etc. [Unpublished]: [University of Johannesburg](https://ujdigispace.uj.ac.za). Retrieved from: <https://ujdigispace.uj.ac.za> (Accessed: Date).

NOORD-SOTHO-SPREEKWOORDE: 'N LINGUISTIESE ONTLEDING


deur

MELANIE JEAN BUSHNEY

SKRIPSIE

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van
die vereistes vir die graad

MAGISTER IN DIE LETTERE EN WYSBEGEERTE



in

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

268038/21

AFRIKATALE

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

STUDIELEIER: Prof. E. B. van Wyk

Mei 1986



Vir my ouers

DANKBETUIGINGS

Graag betuig ek my opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansie:

- Prof. E. B. van Wyk, my gewaardeerde studieleier vir sy bekwame leiding, geduld en voortdurende inspirasie gedurende die jare wat dit my voorreg was en steeds sal wees om hom as leermeester te ken.
- Prof. P. M. S. von Staden vir sy morele ondersteuning.
- Al my kollegas in die Departement Afrikatale vir hulle aanmoediging.
- Mnr. S. A. Makopo vir sy hulpvaardigheid met die kontrolering van sekere vertalings wat probleme geskep het.
- My ouers vir al hulle opofferinge en hulp op verskeie gebiede gedurende my studiejare.
- Wilma Bekker vir die netjiese en bekwame wyse waarop sy die tikwerk behartig het.
- Linda, Alta, Bets, tannie Elise en tannie Joey wat met hulle volgehoue belangstelling indirek veel bygedra het tot die vordering van hierdie studie.
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) vir hulle finansiële steun.
- Bowenal die Skepper wat alle dinge moontlik maak.

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

SYNOPSIS

It is known that Sotho proverbs as well as poetic language differ in certain respects from spoken Sotho. Although quite a few publications on Sotho proverbs have appeared, the linguistic aspects of proverbs have not been analyzed or described in depth. The purpose of this study is to investigate such characteristics or deviant grammatical phenomena in Northern Sotho proverbs and to compare them with similar phenomena found in Northern Sotho poetry to determine whether proverbs can be regarded as a form of verse.

Since the concept of 'proverb' has nowhere been defined satisfactorily for Northern Sotho, this matter is discussed in chapter 2. A distinction is made between idiomatic (figurative) and non-idiomatic (literal) use of language. It is concluded that proverbs are syntactically immutable forms of idiomatic usage of language (except for variations in wording and abbreviations) with the semantic implication of expressing a moral lesson or distilled wisdom.

The study of characteristic linguistic techniques in chapter 3 forms an important part of this research. These techniques do not normally occur in colloquial language and include, inter alia, the use of the conditional mood⁽¹⁾, the omission of class prefixes⁽²⁾, the omission of demonstratives from adjective constructions⁽³⁾ and the omission of copulative words⁽⁴⁾. Archaic words are often used and the concord re⁽⁵⁾ is frequently used instead of the subjectival concords of subject nouns. Presumably, we are dealing here with a conventional ellipsis in proverbs with the semantic implication of we, the people ... It is also found for example that the concord go⁽⁶⁾ is frequently used instead of the subjectival concords of subject nouns with the semantic implication of referring to the implicit subject ... A few other linguistic characteristics are also briefly discussed.


Chapter 4 deals with verse techniques that are used in proverbs. This chapter is limited to the examination of verse technique(s) and there is no attempt at literary evaluation. Attention has been paid to several aspects.

The majority of proverbs reveal the verse techniques typical of true Northern Sotho poetry. An important technique in Northern Sotho poetry, lexical repetition whereby a word stem, a word or a group of words are repeated in successive verse lines, is to be found in Northern Sotho proverbs.

Another important verse technique to be found in poetry and proverbs, is frequent *syntactical parallelism, that is, the repetition of lines, or parts of lines, which are not lexically or phonologically identical, but which have the same syntactical structure or which belong to the same grammatical category. Since semantic structures and grammatical structures usually correspond, it is concluded that semantical organisation plays a significant role in Northern Sotho proverbs as well as in modern Northern Sotho poetry. Combinations of various repetitions are also discussed. There is a close linguistic correspondence between proverbs and poetry. It is quite obvious that the two are closely related, the proverbs being patently a poetic form. Because not all proverbs reveal verse related characteristics they cannot be ranked as a fully autonomous genre.

Proverbs are recognised according to the way they are organised linguistically. In chapter 5, the linguistic organisation of proverbs is investigated and discussed. A number of structural characteristics which fall into the two groups of simple and compound sentences, are identified. Compound sentences are subdivided into co-ordinate and subordinate clauses. Co-ordinate sentences are again underdivided into three different structures. Proverbs are often characterised by the use of vocatives, onomatopoeia and contrast. Semantic contrasts are widely present and include contrasts in the choice of verbs, subjects and objects and descriptive extensions.

Chapter 6 analyses and evaluates a number of existing classification methods of Sotho proverbs. One of these is a numerical classification, the easiest method according to which proverbs are numbered arbitrarily in chronological order. Some other classifications are suggested. The conclusion which is arrived at in this chapter, is that there are just as many potential classifications as there are criteria for the examination of proverbs. It is not possible to rank these systems of classification in terms of efficiency. Since each is preoccupied with a specific aspect, each must be evaluated according to its reliability in view of the criteria it implies.



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1: DOEL EN AANBIEDING

1.	Inleiding	1
1.2	Bestaande studies oor spreekwoorde in die Sotho-tale	2
1.3	Bestaande studies oor die tradisionele Noord-Sotho-vers of -versvorm	6
1.4	Doel van die ondersoek	8
1.5	Aanbieding	9

HOOFSTUK 2: DIE BEGRIP 'SPREEKWOORD'

2.1	Inleiding	11
2.2	Idiomatiese en letterlike taalgebruik	14
2.3	Kenmerke van spreekwoorde	17
2.4	Kenmerke van idiome	23
2.4.1	Werkwoordelike idiome	23
2.4.2	Naamwoordelike idiome	31
2.5	Samevatting	33

HOOFSTUK 3: EIESOORTIGE LINGUISTIESE KENMERKE VAN SPREEKWOORDE

3.1	Inleiding	35
3.2	Die gebruik van die kondisionalis	35
3.3	Vooropstelling van die voorwerp sonder 'n voorwerpskakel	37
3.4	Weglating van die kopula	38
3.5	Weglating van die klasprefiks	39
3.6	Adjektiewe sonder demonstratiewe	41
3.7	Verkorting of weglating van die besitskakel	44
3.8	Vooroms van 'n onderwerp waarvan die onderwerpskakel nie gebruik word nie	46

3.9	Onpersoonlike konstruksie met go i.p.v. n gewone onderwerpskakel	47
3.10	Argaïsmes	49
3.11	Saamgestelde selfstandige naamwoorde	50
3.12	Nomino-verbalia	51
3.13	Samevatting	53

HOOFSTUK 4: VERSMATIGHEID VAN SPREEKWOORDE

4.1	Inleiding	55
4.2	Leksikale organisasie	57
4.3	Sintaktiese organisasie	61
4.3.1	Sintaktiese parallelisme	61
4.4	Semantiese organisasie	63
4.4.1	Semantiese teenstellings	64
4.4.2	Semantiese parallelisme	65
4.4.3	Woordspel	67
4.5	Kombinasies	69
4.6	Samevatting	73

HOOFSTUK 5: LINGUISTIESE ORGANISASIE VAN SPREEK- WOORDE

5.1	Inleiding	75
5.2	Enkelvoudige en saamgestelde sinne	75
5.2.1	Enkelvoudige sinne	75
5.2.2	Saamgestelde sinne	76
5.2.2.1	Newegesikte saamgestelde sinne	77
5.2.2.2	Ondergesikte saamgestelde sinne	82
5.2.2.3	Newegesikte saamgestelde sinne waarvan die eerste n afhanklike bysin insluit	83
5.3	Vokatiewe	84
5.4	Kontras	86
5.5	Klanknabootsing	88
5.6	Samevatting	89

HOOFSTUK 6: KLASSIFIKASIE VAN SPREEKWOORDE

6.1	Inleiding	90
6.2	Numeriese klassifikasie	91
6.3	Alfabetiese klassifikasie	91
6.3.1	Alfabeties volgens naamwoorde	91
6.3.2	Alfabeties volgens werkwoorde	93
6.4	Klassifikasie volgens inhoud	94
6.5	Klassifikasie volgens toepassing	98
6.5.1	Spreekwoorde wat betrekking het op die verlede, die hede en die toekoms	98
6.5.2	Spreekwoorde met 'n positiewe en/of negatiewe aanwending	100
6.6	Klassifikasie van spreekwoorde wat mondeling gebruik word	106
6.7	Ander moontlike klassifikasies	106
6.8	Samevatting	112

BIBLIOGRAFIE



HOOFSTUK 1: DOEL EN AANBIEDING

1.1

INLEIDING in lys v Spreekw. versameling

Ten opsigte van Noord-Sotho bestaan daar heelwat gepubliseerde spreekwoordversamelings. Sover Grobler (1978:19) kon vasstel, het Kuhn (1929)² in 'n bydrae tot Zeitschrift für Eingeborenen-Sprachen, die vroegste versameling spreekwoorde op skrif gestel en is 'n versameling van Endemann (1941-1942) gepubliseer in 'n latere uitgawe van dieselfde tydskrif. Taalboekies soos A o ka Hlatha? (Sesotho sa Transvaal) van Rakoma (1967), Van Zyl (1963) se Dithuto tša Polelo (Sepedi) vir st. III en IV asook V en VI, en sy Thika-Polelo vir st VI en VII wat in 1941 verskyn het, Kxaša-Peu I (s.j.), Lemogang Polelo-Sehlopha sa V & VI van Lekala (1967) en Schwellnus (1923) se Padišo-reeks I-VI bevat 'n aantal spreekwoorde. Grobler (1978:19) verwys ook na die Nuwe Brandwag II/2 IV/3-4 waarin Lestrade (1930/32) 'n paar spreekwoorde bespreek het. Hy maak onder andere melding van 'n ongepubliseerde versameling spreekwoorde Diema tša BaSotho en 'n ontleding van spreekwoorde Dihlathollo tša Diema tša BaSotho, beide deur S. Matsie. Grobler (1978:19) noem dat Breed (1955) die kenmerke van die Noord-Sotho-spreekwoord kortliks toelig in 'n artikel in Koers en terselfdertyd onderskei tussen spreekwoorde en 'spreuke' en tussen 'spreekwyses' of 'gesegdes'. Hy kies egter nie sy feite goed nie. Voorbeelde soos

Go nweša badimo bjalwa.

'Om die voorvadergeeste bier te laat drink.'

= Om aan die voorvadergeeste te offer.

Go nyaka sego sa meetse.

'Om 'n waterskeping te soek.'

= Om 'n vrou te soek.

Go ya badimong.

'Om na die voorvadergeeste te gaan.'

= Om te sterf.

klassifiseer hy as spreekwoorde, terwyl dit in werklikheid idiome is.

Die bekendste versamelings spreekwoorde is egter Rakoma (1978) se bundel Marema-ka-dika Tša Sesotho sa Leboa en Uitgesoekte Noord-Sotho Spreekwoorde van Erasmus (s.j.). Die meeste spreekwoorde waarna in hierdie studie verwys word, kom uit laasgenoemde werke, aangesien hulle al die spreekwoorde bevat wat in ander publikasies ook voorkom. Sommige spreekwoorde word aangehaal uit M.A.-verhandelings soos dié van Bezuidenhout (1981), Grobler (1978), Dierks (1972), Breed (1956) en Kock (1982) asook enkeles uit Groenewald (1966) se doktorsale proefskrif.

1.2

BESTAANDE STUDIES OOR SPREEKWOORDE IN DIE SOTHO-TALE

Slegs enkele wetenskaplike studies oor Sotho-spreekwoorde is tot dusver gemaak.

Een daarvan is Breed (1956) se verhandeling wat 'n oorsig is oor die moderne Noord-Sotho-letterkunde tot 1954 en waarin hy 'n klein deel afstaan aan spreekwoorde. Hy raak die kenmerke, ontstaan en klassifikasie van spreekwoorde redelik oppervlakkig aan. Hierin volg hy 'n linguistiese benadering.

In The Form, Content and Technique of Traditional Literature in Southern Sotho, skenk Guma (1967:65, 81-101) aandag aan die Suid-Sotho-spreekwoord. Hy benader spreekwoorde vanuit 'n linguistiese oogpunt en wy uit oor die sintaktiese kenmerke daarvan.

Hy wys daarop dat die spreekwoord 'n kort stelling kan wees bestaande uit 'n onderwerp en 'n positiewe of negatiewe predikaat. 'n Onderwerp of sy betrokke onderwerpskakel kan gevolg word deur 'n saamgestelde predikaat met 'n partisipiale komplement. Die eenvoudige onderwerp kan gevolg word deur sy predikaat en voorwerp of deur 'n kwalifikatief wat op sy beurt gevolg word deur 'n verbale of nie-verbale predikaat.

Die tweede element na 'n onderwerp kan 'n predikaat wees, gevolg deur 'n bywoord en soms nog 'n kwalifikatief. Die predikaat van die onderwerp kan gevolg word deur 'n voorwerp plus 'n bywoord. Soms is die finale element 'n partisipiale predikaat of 'n kwalifikatief. Dit kan ook gebeur dat 'n onpersoonlike predikaat plus 'n kwalifikatief op die onderwerp volg. As 'n alternatief, kan die finale item 'n bywoord, moontlik gevolg deur 'n kwalifikatief, wees. In spreekwoorde waar die onderwerp nie uitgedruk word nie, kan 'n kopulatief die eerste element uitmaak, gevolg deur 'n kwalifikatief. Die eerste element kan ook 'n kwalifikatiewe voornaamwoord wees i.p.v. 'n kopulatief.

Guma (1967:87) noem ook byvoorbeeld enkele vormkenmerke soos die gebalanseerdheid van dele rondom 'n pouse. Volgens hom is die spreekwoord saamgestel uit vier gebalanseerde dele of elemente, met 'n duidelike pouse tussen die eerste en finale twee elemente. Hierdie elemente is die onderwerp en sy kwalifikatief, predikaat en voorwerp bv.:

¹Lentswe ²la morena ³le hahelwa ⁴lesaka.

'Om die woord van die kaptein word 'n kraal gebou.'

= Die woord van die kaptein is wet en word gerespekteer.

- 1 lentswe = onderwerp
- 2 la morena = kwalifikatief
- 3 le hahelwa = predikaat
- 4 lesaka = voorwerp

'n Ander studie oor Sotho-spreekwoorde is Dierks (1972) se verhandeling oor die inhoud van die spreekwoord in Tswana. Onder inhoud verstaan hy die bewoording, betekenis en toepassing van die spreekwoord. Betekenis sien hy as die les wat die spreekwoord wil oordra. Verder tref hy 'n onderskeid tussen 'n oorspronklike betekenis en 'n betekenis wat die spreekwoord aanneem wanneer dit onder bepaalde omstandighede toegepas word. Hy volg dus 'n semanties-didaktiese benadering.

Erasmus (1973) dek die opvoedkundige aspek van Noord-Sotho-spreekwoorde deur in sy verhandeling by wyse van voorbeelde aan te toon watter belangrike rol die spreekwoord in die volksopvoeding gespeel het en nog in 'n mate speel. Hy kom tot die gevolgtrekking dat spreekwoorde as 'n inherente deel van die volkseie só belangrik is vir die opvoeding, dat ernstige aandag daaraan geskenk moet word om dit vir die onderskeie swart volke te behou, veral d.m.v. die skool. Hy maak dan 'n aantal aanbevelings om te verseker dat die spreekwoord sy regmatige plek in die opvoedingsprogram van die jeug kan inneem.

Grobler (1978) weer, volg 'n sosiaal-funksionele benadering wanneer hy hom beperk tot die interpretasie van die spreekwoord in Noord-Sotho in terme van sy gebruik in besondere gespreksituasies. Vir hom hang die interpretasie van spreekwoorde ten nouste saam met die sosiale konteks. Hiermee bedoel hy die besondere verhouding tussen die spreker en hoorder tydens die gebruik van 'n spreekwoord en met die besondere korrelasie of wyse waarop die spreker die terme van die spreekwoord met die persoon of persone in die sosiale situasie en moontlik die sosiale konteks in verband bring. Volgens hom kan daar nie sprake wees van 'n behoorlike begrip of interpretasie van 'n spreekwoord sonder inagneming van hierdie faktore nie.

Bezuidenhout (1981) ontleed die Noord-Sotho-spreekwoord en -gesegde. Hy maak 'n studie o.a. van die ontstaan, algemene- en vormkenmerke, funksie en klassifikasie van spreekwoorde. Bezuidenhout se uitgangspunt is die bestudering van die strukture van o.a. spreekwoorde. Daar word gelet op die verskillende vormkenmerke van spreekwoorde. Sy strukturele benadering lei tot die ontdekking van kwantitatiewe en kwalitatiewe boumiddele, waaruit spreekwoorde opgebou is. Die kwantitatiewe boustene waaruit spreekwoorde saamgestel is, is klanke, sillabes, woorde en 'n versreël waaruit 'n spreekwoord met 'n naamwoord as kern bestaan. Kwalitatiewe boumiddele van 'n spreekwoord bestaan uit twee hoofkomponente nl. klankgebruik, (bv. ritme, sesuur, alliterasie, assonansie en elisie) en woordgebruik. Kwalitatiewe boustene vertoon volgens hom selfs nog 'n groter verskeidenheid.

In die eerste plek onderskei hy beeldspraak wat die draer kan wees van 'n antitese, antonomasia, hiperbool, metafoor, personifikasie en vergelyking. Ook word ideofone, kontraste, (antitese) negatiewe bevel, saamgestelde selfstandige naamwoorde en woordherhalings aangetref wat hom meehelp in sy analise. Bogenoemde aspekte behandel hy baie kortliks. Hy gaan nie in op die spreekwoord as versreël nie, maar illustreer wel voorbeelde van kontrastering en ideofone. Hy brei ook nie uit op ritme nie. Woordherhalings word oppervlakkig aangeraak.

Ondanks hierdie studies van die spreekwoord in die Sotho-tale, is daar verskeie linguistiese aspekte van spreekwoorde wat nog nie in diepte ondersoek is nie en wat in hierdie studie ontleed sal word.* Dis byvoorbeeld bekend dat Noord-Sotho-spreekwoorde taalkundig in sekere opsigte opvallend afwyk van die gesproke taal. Nie een van die bestaande publikasies gee op meer as 'n oppervlakkige wyse hieraan aandag nie.

Die meeste Bantoeïste is dit ook eens dat spreekwoorde 'n eie linguistiese en/of stilistiese kategorie vorm. Wat presies die kenmerke van hierdie kategorie is en hoe dit van ander kategorieë en ook verwante kategorieë verskil, moet nog vollediger ondersoek word.

1.3 BESTAANDE STUDIES OOR DIE TRADISIONELE NOORD-SOTHO-VERS OF -VERSVORM

Daar is ook al gesuggereer dat spreekwoorde in 'n mate versmatig is. Van die bekendste werke wat verskyn het oor die tradisionele Noord-Sotho-vers of -versvorm word hier kortliks bespreek.

In Groenewald (1966) se proefskrif Die Struktuur van die verssisteem in die Ongeskrewe Woordkuns en in die Geskrewe Letterkunde van Noord-Sotho word verstegniese eenhede soos die vers, versreël, strofe, gedig en gedigsiklus in Noord-Sotho o.a. ondersoek. Hy skenk ook aandag aan sake soos herhaling, parallelisme, skakeling en wyses waarop die korrespondensie van verstegniese eenhede in Noord-Sotho verwesenlik kan word. Volgens hom is die koördinasiepunt 'n woordgrens of 'n ('groter') woordgroepgrens. Op grond hiervan onderskei hy twee verskategorieë nl. A en B. Die tweede kategorie verdeel hy verder in twee subverskategorieë nl. B₁ en B₂ op grond van die aard van die korrespondensiekern wat as 'n sesuur of 'n skeidingsone herkenbaar is. Dit hou die versreëlsegmente sintakties in 'n verhouding van ewewig.*In die proses word o.a. enkele spreekwoorde aangehaal om die struktuur van die verssisteem in Noord-Sotho te verduidelik. Hy gee egter geen verdere ontleding van spreekwoorde se verskenmerke nie.

Kock (1982) het die verstegniese van 'n aantal Noord-Sotho-digters ondersoek. Sy wys op 'n aantal eiesoortige linguistiese kenmerke van verse, maar betrek nie spreekwoorde by haar bespreking nie.

Veral drie vrae moet nog in dié verband beantwoord word nl.:

- (a) Kom spreekwoorde linguisties ooreen met verstaal of nie?
- (b) Is alle spreekwoorde versmatig of nie?
- (c) Stel spreekwoorde 'n eie literêre genre daar of nie?

Wat die versmatigheid van spreekwoorde betref, moet dit duidelik gestel word dat spreekwoorde nie volle poësie is nie. Daar is geen sprake van strofes hier nie, omdat hoogstens twee versreëls aangetref word. Die struktuurering is dus nie deurlopend nie, maar minimaal.

1.4 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

① In die vorige paragrawe is daarop gewys dat die begrip 'spreekwoord' nog nie bevredigend omskryf en van veral verwante begrippe onderskei is nie; ^② dat die linguistiese kenmerke daarvan onvolledig beskryf is en ^③ dat die versmatigheid daarvan verdere ondersoek regverdig. Afgesien van hierdie leemtes wat hier verder ondersoek sal word, is daar nog twee ander aspekte van spreekwoorde waaraan aandag gegee sal word.

④ Spreekwoorde toon nl. ook tipiese linguistiese organisasiepatrone onafhanklik van hulle ander linguistiese kenmerke en van hulle versmatigheid. So kan spreekwoorde byvoorbeeld saamgestel wees uit enkelvoudige sinne en/of saamgestelde sinne. Onder saamgestelde sinne word newegeskikte sinne en ondergeskikte sinne aangetref. Newegeskikte sinne kan in 'n aantal kategorieë verdeel word. Een so 'n kategorie bestaan byvoorbeeld uit 'n kopulatief en 'n stelsin wat toeliggend van aard is. Vokatiewe, kontraste (teenstellings) en klanknabootsings in spreekwoorde vorm ook deel van hierdie linguistiese organisasie van spreekwoorde.

⑤ Die volgende probleem wat aandag vra, is die klassifikasie van spreekwoorde. Wat dit betref, is daar reeds verskeie voorstelle gemaak. 'n Aantal klassifikasies sal kortliks toegelig word. Die probleem van klassifikasie sal op grond hiervan ontleed word en die grondslae van indeling geëvalueer word.

Die doel van die studie is dus vyfledig nl.:

- 1) om die begrip 'spreekwoord' noukeurig te omskryf - hoofstuk 2; (Def.)
- 2) om die linguistiese kenmerke van spreekwoorde te ondersoek en te beskryf - hoofstuk 3; (alg. kenm)
- 3) om die verband tussen spreekwoorde en versstruktuur te ondersoek - hoofstuk 4; (Poetiese kenm)
- 4) om die linguistiese organisasiekenmerke van spreekwoorde te ondersoek en te beskryf - hoofstuk 5; en (Vorm kenm)
- 5) om die bestaande klassifikasies van Sotho-spreekwoorde te ontleed en te evalueer - hoofstuk 6. (Klassifik)

1.5

AANBIEDING

Daar is reeds gemeld dat die meeste spreekwoorde wat in hierdie studie ondersoek is, geneem is uit Marema-ka-dika Tša Sesotho sa Leboa van Rakoma (1978) en Erasmus (s.j.) se Uitgesoekte Noord-Sotho Spreekwoorde. Wanneer voorbeelde van spreekwoorde gegee word, word saam met die spreekwoord, sy letterlike Afrikaanse vertaling sowel as sy toepassing (d.w.s. betekenis, interpretasie of verduideliking) gegee. Waar 'n spreekwoord meer as een maal aangehaal word, word die betekenis en toepassing ook weer aangehaal. Hier en daar word 'n verdere verduideliking of ekwivalent van die spreekwoord in Afrikaans verskaf.

So word die spreekwoord

Fihla thupa o senye ngwana.

bv. gegee met die vertaling in enkel aanhalingstekens nl.

'Steek die lat weg en bederf die kind.'

gevolg deur die toepassing na die teken =,

= Jy bederf 'n kind as jy hom nie straf en tugtig nie.

Vgl. ook die volgende spreekwoord:

Bana ba kgaka ba bonwa ka mereto.

'Kinders van 'n tarentaal word geken aan kolletjies (strepies).'

= Kinders het dieselfde eienskappe as hulle ouers.

(Aartjie na sy vaartjie.)



HOOFSTUK 2: DIE BEGRIP 'SPREEKWOORD'

2.1

INLEIDING

Spreekwoorde kom algemeen in die Sotho-tale voor en vorm 'n groot en dinamiese deel van hierdie mense se tradisionele en ongeskrewe woordkuns. Naas spreekwoorde kom idiome ook algemeen in Noord-Sotho voor. Albei is vorme van idiomatiese taalgebruik.

Verskeie skrywers het spreekwoorde in die Sotho-tale gedefinieer. Die terme wat gebruik word om o.a. spreekwoorde en idiome te omskryf, skep verwarring. Woorde soos idioom, gesegde, segswyse, uitdrukking, spreekwoord, spreekwoordelike gesegde en 'n spreekwoordelike uitdrukking waarmee die onderskeie skrywers elk sy eie begrip van die spreekwoord en gesegde wil besweer, is volop, aldus Bezuidenhout (1981:3).

Breed (1956:25) sien spreekwoorde as 'n kernagtige taaluiting wat 'n komplekse geestessituasie tot 'n eenheid wil saamvat. Guma (1967:65) som die spreekwoord op as 'n pittige sin met 'n algemene strekking met betrekking tot die lewe en dra by om 'n sogenaamde waarheid of morele lessie op so 'n manier uit te druk, dat 'n mens voel dat geen ander woorde dit beter kan beskryf nie. Erasmus (1973:20) haal verder Nyembezi (1954) se beskouing in Zulu Proverbs aan oor die spreekwoord nl. as 'n leer- of onderwysmiddel.

Erasmus (1973:35) volstaan deur te beweer dat die Bantoe na voortdurende beleving, ervaring en waarneming vansigselfherhalende waarhede wat in die natuur-, dierelewe en menselewe afgespeel het, tot bepaalde gevolgtrekkings gekom het en in weldeurdagte kerntaal, kernwaarhede in die vorm van spreekwoorde aan jonk en oud van een geslag na h ander oorgedra het.

Grobler (1978:20) gaan uit van die spreekwoord as h geïsoleerde taalverskynsel waarin die taal in h figuurlike sin gebruik word en metafories op h (sosiale) situasie toegepas kan word. Hy wy hom aan die moontlike funksionele tersaaklikheid van die spreekwoord deur aandag te skenk aan die interpretasie van die spreekwoord d.w.s. hy het die spreekwoord in terme van sy aanwending in spesifieke gespreksituasies ondersoek.

Grobler (1978:12) wys verder op Parker (1974) se definisie in Aspects of a Theory of Proverbs: Contexts and Messages of Proverbs in Swahili nl. dat die spreekwoord h 'boodskap' is wat oorgedra word met die doel om gedrag te evalueer of te beïnvloed. Spreekwoorde is vir haar nie neutraal nie, maar altyd positief of negatief evaluerend: h persoon se gedrag is òf goed òf sleg. Spreekwoorde kan gedrag gevolglik op twee maniere beïnvloed: h spreekwoord kan gebruik word om aanvaarbare gedrag te bevestig en sodoende word die hoorder aangemoedig om met sy goeie gedrag vol te hou; andersyds kan h spreekwoord gebruik word om afkeurenswaardige gedrag te verdoem om sodoende h persoon ten goede te probeer beïnvloed. h Spreekwoord sien sy dus altyd as evaluerend, maar dit hoef nie noodwendig gedragbeïnvloedend te wees nie.

Grobler (1978:12) haal ook Burke (1941) se beskouing in sy Philosophy of Literary Form aan. Burke sien spreekwoorde as 'strategieë' vir die hantering van situasies. Hiermee bedoel hy dat 'n spreker 'n spreekwoord in 'n gegewe situasie gebruik om die wyse te kenne te gee waarop hy graag die situasie gehanteer wil hê m.a.w. hoe hy 'n situasie opsom en dienooreenkomstig gaan optree. 'Strategieë' is dus vir hom die spreker se 'voorskrif' m.b.t. die hantering van 'n besondere situasie. Die begrip kan toegepas word op die sosiale konteks of interaksiesituasie (die verhouding van spreker tot hoorder) waar dit verwys na die spreker se motief vir die gebruik van die spreekwoord. 'n Spreker se strategie kan bv. 'oorreding' wees waar die spreker poog om die hoorder tot sy sienswyse oor te haal en so eenstemmigheid tussen hulle te bewerk.

Bezuidenhout (1981:3) wys daarop dat Doke 'n oorkoepelende term nl. aforisme gebruik en daarmee die spreekwoord en idioom gerieflikheidshalwe saamvat. Nokaneng, soos aangehaal deur Bezuidenhout (1981:12), sien die spreekwoord as 'n kort, doelgerigte sin waarvan die vorm nie dikwels verander nie en die taal waarin die spreekwoord geskryf is, is versier deur ritme, rym, elisie en 'n herhaling van klanke en woorde.

13 *

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat dit moontlik is om die spreekwoord op verskillende maniere te definieer, afhangende van die benaderingshoek van die ondersoeker. Die definisies wat bespreek is, is almal egter op die funksionele of inhoudelike kenmerke van spreekwoorde gerig en betrek die vormlike kenmerke daarvan slegs terloops.

In ooreenstemming met die benadering wat in hierdie skripsie gevolg word, sal gepoog word om 'n linguistiese definisie te ontwikkel wat hopelik presieser sal wees as dié wat aangehaal is. Om dit te kan doen, sal dit nodig wees om die spreekwoord te vergelyk met verwante vorme van taalgebruik soos idiome. Daar word uitgegaan van 'n onderskeid tussen idiomatiese en letterlike taalgebruik.

2.2

IDIOMATIESE EN LETTERLIKE TAALGEBRUIK

Daar is minstens drie vorme van idiomatiese taalgebruik wat ons kan onderskei nl. spreekwoorde, werkwoordelike idiome en naamwoordelike idiome. Die kenmerk wat hulle gesamentlik van nie-idiomatiese of letterlike taalgebruik onderskei, is dat die semantiese interpretasie nie alleen deur die semantiese inhoud van die samestellende woorde bepaal word nie. Hulle betekenis moet dus net soos dié van enkele woorde geleer word. Spreekwoorde, idiome en ander vorme van idiomatiese taalgebruik in Noord-Sotho het dus gewoonlik 'n 'figuurlike' betekenis.

Uit die volgende voorbeelde van idiomatiese taalgebruik, is dit duidelik dat die betekenis nie alleen volgens die normale sintaktiese en semantiese reëls van die taal afgelei kan word nie:

die spreekwoord

Moso wa marena ke legonyana.

moet nie letterlik as

'Die môre van die winter is 'n houtjie (vuurmaak-hout).'

verstaan word nie, maar wel as

'Almal sit by die vuur in die winter.'

By baie spreekwoorde word 'n beeld gebruik wat ten doel het om die betekenis van die spreekwoord in 'n sekere mate te versluier en die bewoording van so 'n spreekwoord is dus figuurlik, aldus Grobler (1978:6-7). Dierks (1972:19) beweer ook t.o.v. die spreekwoord in Tswana, dat al is 'n spreekwoord ook hoe letterlik, dit weens sy toepassing op ander omstandighede in 'n sekere opsig 'figuurlik' word. Sommige spreekwoorde bevat sowel 'n letterlike as 'n figuurlike gedeelte. 'n Voorbeeld van so 'n spreekwoord is:

¹Kgomo e swarwa ka dinaka; ²motho o swarwa ka leleme. *Suid Sotho*

'n Bees word by die horings gegryp; 'n mens word by sy tong gegryp.'

= Uit 'n mens se eie woorde word sy skuld bewys.

1 = letterlik

2 = figuurlik

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Sowel die letterlike as die figuurlike gedeelte het dieselfde betekenis, nl. dis die mens se eie woorde waaruit sy skuld bewys en hy skuldig bevind word.

Grobler (1978:7) noem ook dat die spreekwoord

Monna ke nku, o llela teng.

'n Man is 'n skaap, hy huil na binne.'

= 'n Mens moenie jou moeilikhede aan almal vertel nie, maar dit in stilte dra.

('n Mens moet sy moeilikhede self kan dra.)

figuurlik verstaan moet word, daar dit iets anders bedoel as wat dit op die oog af sê - 'n abstrakte begrip (gelatenheid) word d.m.v. 'n beeld ('n skaap) sinvol voorgestel. Dis dus nie 'n stelling wat gemaak word soseer i.v.m. die doen van 'n skaap nie, maar dit sê iets van 'n mens.

Soos spreekwoorde, het idiome ook 'n idiomatiese (figuurlike) of nie-idiomatiese toepassing. 'n Idioom soos

Go bolela le lefšika.

se betekenis kom nie daarop neer dat daar letterlik met 'n klip gepraat word nie, maar wel met iemand wat nie antwoord nie.

Ook die idioom

Go tlala ntlo.

is nie 'n verwysing na 'n vol huis nie, maar na die dood of om baie kwaad te wees.

Grobler (1978:2) huldig die mening dat die betekenis van die idioom nie bestaan in die gesamentlike betekenis van sy komponente nie. So bestaan (go) loma tsebe 'om die oor te byt' d.w.s. om 'n geheim te vertel, se betekenis nie uit -loma 'byt' en tsebe 'oor' nie d.w.s. '(om) 'n oor te byt' nie, maar moet soos spreekwoorde figuurlik geïnterpreteer word nl. (om) 'n geheim te vertel. Grobler (1978:4) beklemtoon dat die essensie van die idioom in die verbondenheid van sy komponente lê wat nooit afsonderlik die betekenis van die geheel kan weergee nie.

Soms is 'n letterlike en figuurlike bedoeling in een idioom moontlik bv.:

Go raga dipitša.

'Om die potte te skop.'

= Om onnodig kwaad te word.

In sulke gevalle bepaal die gebruiksituasies of die interpretasies letterlik of idiomaties (of albei) moet wees.

Naamwoordelike idiome wat geen gesegde bevat nie, het ook min sin buite die konteks en word idiomaties aangewend bv.:

Hlogo ya taba.

'Die kop van 'n saak.'

se figuurlike betekenis lê daarin dat dit die begin of waarheid of belangrikste aspek van 'n saak aandui.

Vergelyk ook:

Motho wa diatla.

'n Mens van hande.'

= 'n Hardwerkende persoon.

Nku gare ga dipudi.

'n Skaap tussen die bokke.'

= 'n Dommerd tussen wyses./'n Man tussen vrouens.

2.3

KENMERKE VAN SPREEKWOORDE

Noord-Sotho-spreekwoorde vertoon 'n aantal basiese kenmerke wat hulle van idiome onderskei.

- 2.3.1 Spreekwoorde verskil sintakties van idiome daarin dat hulle altyd 'n volledige sintaktiese struktuur het, d.w.s. dat hulle in die geval van stelsinne uit minstens 'n Ns. (naamwoordstuk) en 'n Ws. (werkwoordstuk) bestaan. So bestaan die Noord-Sotho-spreekwoorde

Mefaka e mefsa e sega diatla.

'Nuwe messe sny die hande.'

= Nuwe vriende is gevaarlik (aangesien 'n mens nog nie hulle geaardhede ken nie).

uit die Ns. **mefaka e mefsa** en Ws. **e sega diatla**. Die Ws. kan hier onderverdeel word in 'n W. (werkwoord) **e sega** en nog 'n Ns. onderverdeel in 'n N. (naamwoord) **nl. diatla**.

- 2.3.2 Grobler (1978:2) wys daarop dat spreekwoorde in Noord-Sotho gewoonlik 'n betreklike vaste, onveranderlike en strak vorm vertoon. Daarom is werkwoorde in spreekwoorde normaalweg nie onderworpe aan wysigings t.o.v. modus, tyd en/of aanvoeging van voor- of agtervoegsels nie. As voorbeeld noem hy **ba bitšana** 'hulle roep mekaar' (indikatief, onvoltooid) wat selde in 'n ander modus en/of tyd voorkom in die spreekwoord:

Bana ba kgwale ba bitšana ka melodi.

'Die kinders van 'n patrys roep mekaar met 'n gefluit.'

= Soort soek soort.

Ook Breed (1956:25) stem saam dat die spreekwoord as 'n vaste selfstandige geheel, sintakties onafhanklik van enige toevoeging kan staan en onveranderlik en alleen gebruik kan word. Spreekwoorde se vaste vorm kan dus nie gewysig word nie.

Volgens Grobler (1978:4) het sommige spreekwoorde variante vorme wat as sodanig onveranderlik voorkom, anders as idiome bv.:

O se bone go akalala ga boinong, go wa fase ke ga bona.

'Moenie die gesweef van aasvoël-hulle sien nie, om op die grond te val, is van hulle.'

= Hoogmoed kom tot 'n val.

en

O se bone nong go akalala, go wa fase ke ga yona.

'Moenie die aasvoël sien sweef nie, om op die grond te val, is van hom.'

= Hoogmoed kom tot 'n val.

Ntsanwisi (1968:16) in Tsonga Idioms wys verder op 'n duidelike verband tussen bepaalde spreekwoorde en idiome in Tsonga. Volgens Grobler (1978:5) meen Ntsanwisi dat 'n idioom in so 'n geval uit 'n spreekwoord ontwikkel het by wyse van 'n verkorting van laasgenoemde of deur eliminerings van bepaalde woorde daaruit. Hy gee toe dat die ontstaan-proses moontlik andersom kon verloop het, alhoewel hy aanvaar dat die soepelheid van die idioom tiperend is van 'n meer onlangse ontwikkeling. Ntsanwisi staaf dan sy standpunt deur aan te toon dat die idioom beter begrypbaar is, wanneer die verbandhoudende spreekwoord bekend is.

Volgens Grobler (1978:5) geld dié bevinding insgelyks vir Noord-Sotho soos blyk uit die volgende idioom:

Go leta leswiswi.

'Om te wag vir die donker.'

= Om tevergeefs te wag.

wat 'n duidelike ooreenkoms toon met die spreekwoord

Moletangwedi o leta leswiswi.

'Hy wat wag vir die maan, wag vir die donker.'

= Om tevergeefs te wag.

Uit 'n vergelyking tussen spreekwoorde en idiome in Noord-Sotho het Grobler (1978:5) twee-en-dertig sulke gevalle aangetref. Ander enkele voorbeelde is:

die idioom

Go hlabelwa ke letšatši.

'Om sonskyn te ondervind.'

= Om suksesvol te wees.

wat verband hou met die spreekwoord

Ge le sa go hlabetše o le orele, gobane ka moso le hlabela bangwe.

'Terwyl dit (die son) nog vir jou skyn, moet jy daarin bak, want mōre skyn dit vir 'n ander.'

= Maak gebruik van jou kans, terwyl die geleentheid daar is.

ook die idioom

Go boela maropeng.

'Om terug te keer na die murasies.'

= Om terug te keer na iets wat jy verlaat het, omdat jy dit as nutteloos beskou het.

is meer sinvol by gedagte aan die spreekwoorde

Ga sa boelwego ke teng, maropeng go a boelwa.

'Waarheen nie teruggekeer word nie, is die ingewande;
na die murasies word teruggekeer.'

en

Kgogo boela maropeng, moraka ga o na maselo.

'Hoender, keer terug na die murasies, die veepos het
nie weiplek nie.'

d.i. in albei gevalle: Moenie sê: "Fonteintjie, ek sal
nooit weer uit jou drink nie."

MS! Spreekwoorde is dus, behalwe vir variasie in formulering
en verkorting (in die geval van spreekwoorde wat uit
saamgestelde sinne bestaan), sintakties onveranderlik.

- 2.3.3 Verder kan 'n gedeelte van 'n spreekwoord naas sy geheel
sinvol optree. Grobler (1978:4) noem dat die eerste
helfte, dit is die deel wat die pouse voorafgaan, in die
plek van die volledige spreekwoord kan voorkom en in so 'n
geval word die ontbrekende gedeelte instinktief deur die
hoorder aangevul soos in:

Tšhipu e rile ke lebelo ...

'Die springhaas het gesê ek is vinnig ...'

naas

Tšhipu e rile ke lebelo, mohlaba wa re ke nabile.

'Die springhaas het gesê ek is vinnig, toe sê die
sand: ek is uitgestrek.'

= Hoogmoed kom tot 'n val.

en

O se bone thola boreledi ...

'Moenie die gladheid van die bitterappel sien
(bewonder) nie ...'

naas

O se bone thola boreledi, teng ga yona go a baba.

'Moenie die gladheid van die bitterappel sien
(bewonder) nie, binne-in hom is dit bitter.'

= Alles wat skitter is nie goud nie.

(Skyn bedrieg).

- 2.3.4 Dierks (1972:21), Breed (1956:25) en Guma (1967:65) is dit eens dat die meeste spreekwoorde semanties gesproke n duidelike didaktiese strekking het. Dierks (1972:121) wys in hierdie verband op die ouer geslag wat m.b.v. spreekwoorde die jongeres wil leer, vermaan, waarsku of aanmoedig. D.m.v. spreekwoorde word n aanvoeling vir reg en onreg by die mense lewend gehou. Die didaktiese strekking tree duidelik na vore in die volgende spreekwoorde:

Phiri e apere letlalo la nku.

'Die wolf het die vel van n skaap aangetrek.'

= Moet hom nie vertrou nie.

(n Wolf in skaapsklere.)

Se bone thola boreledi, teng ga yona go a baba.

'Moenie die gladheid van die bitterappel sien
(bewonder) nie, binne-in hom is dit bitter.'

= Alles wat skitter is nie goud nie.

(Skyn bedrieg).

Dinku tša kgole, re bala mekgopa.

'Die skape van ver, ons tel die velle.'

= Ver van jou goed is na aan jou skade.

La hlogotšhweu le rutwa ke la hlogontšho maano.

'Die witkop word deur die swartkop planne geleer.'

= 'n Mens is nooit te oud om te leer nie.

Letsogo le lengwe le hlatswa le lengwe.

'Die een hand was die ander.'

= Die een mens moet die ander help.

151 (Spreekwoorde bevat dus wysshede wat in 'n vaste patroon oorgedra word.

2.4 KENMERKE VAN IDIOME

Idiome in Noord-Sotho kan onderverdeel word in werkwoordelike idiome en naamwoordelike idiome.

2.4.1 Werkwoordelike idiome

In teenstelling met spreekwoorde wat altyd 'n volledige sintaktiese struktuur het, bestaan werkwoordelike idiome slegs uit 'n Ws. So 'n Ws. kan onderverdeel word in 'n W. en 'n Ns. Vergelyk die volgende voorbeelde:

die idioom

Go bolaya nakedi.

'Om 'n muishond dood te maak.'

= Om 'n slegte mens te wees.

bestaan uit die Ws. **go bolaya nakedi** wat onderverdeel kan word in 'n W. **go bolaya** gevolg deur 'n Ns. **nakedi**.

en

Go emiša diatla.

'Om die hande te laat opstaan.'

= Om oor te gee.

(Om vrede te maak.)

bestaan uit die Ws. **go emiša diatla**. Dié Ws. word weer onderverdeel in 'n W. **go emiša** gevolg deur 'n Ns. **diatla**.

Ander Ws. strukture word ook aangetref, bv.:

- (a) Ws. + Ns. + Ns. (Ns. hier telkens aangedui met 'n asterisk):

Go gata *noga *mosela.

'Om 'n slang op die stert te trap.'

= Om 'n gevaarlike ding te doen.

(Om 'n mens baie kwaad te maak.)

- (b) Ws. + Ns. (= Relatiewe groep aangedui met 'n asterisk):

Go tseba *se e lego sona.

'Om die waarheid te weet.'

= Om te verstaan.

Die voorwerp kan verder bestaan uit saamgestelde naamwoorde, naamwoorde wat gekwalifiseer is o.a. possessiewe, adjektiewe, demonstratiewe en kwantitatiewe en naamwoordstamme wat verdubbel is. Die voorwerp en werkwoord kan selfs posisies omruil. Daar is vele moontlikhede, maar daar word volstaan by die voorafgaande. Hier volg enkele voorbeelde:

Go boela *difarong *tša Abraham.

'Om terug te keer na die skoot van Abraham.'

= Om te sterf.

Go feletšana *fase.

'Om met die hande te baklei totdat hulle op die grond is.'

= Om iemand met hand en tand te beveg.

Go direga *semeetsing.

'Om iets reg te kry wat nog nat is.'

= Om goeie invloed op jou kinders uit te oefen, solank hulle nog jonk is.

(Buig die boompie solank dit nog jonk is.)

Go gata magala *a mohwelere.

'Om te trap op basterrooiboskole.'

= Om onwetend groot hartseer te veroorsaak.

Go apara *diyabathong ← go apara (diaparo) di ya bathong.

'Om aan te trek mense-toe-te-gaan-klere.'

= Om kisklere (deftig) aan te trek.

So 'n Ws. kan ook gevolg word deur 'n Ns. as 'n deskriptiewe bepaling (aangedui met 'n asterisk), bv.:

(a) tyd**Go tsoga *bošego.**

'Om in die nag op te staan.'

= Om water te laat.

(b) plek**Go ferelela *maswing.**

'Om in die melk te beland.'

= Om in 'n plek te wees waar jy nie verwag is nie.

(Om in 'n ander se sake in te meng.)

Go hwa *mohlaleng.

'Om te sterf op die spoor.'

= Om onvermoeid spoor te sny.

(c) wyse

Go robala *sebutla.

'Om te gaan slaap soos 'n haas.'

= Om met oop oë te gaan slaap.

(Om wawyd wakker te wees.)

Go gata *sa phiri.

'Om te trap soos 'n wolf.'

= Om 'n geheim te bewaar.

(d) assosiasie (Ws. + vs.)

Go robala *le dikgogo.

'Om te gaan slaap met die hoenders.'

= Om vroeg te gaan slaap.

Go ja *le dikolobe.

'Om te eet saam met die varke.'

= Om baie arm te wees.

(e) die deskriptiewe bepaling kan ook agentatief van aard wees

Go betwa *ke pelo.

'Om versmoor te word deur die hart.'

= Om kwaad te word.

Die voorafgaande indelings kan ook 'n voorwerp plus 'n deskriptiewe bepaling neem bv.:

Go dula *motho *ka phefong.

'Om te gaan sit in 'n mens se wind.'

= Om iemand se vooruitgang te verhinder.

Idiome met 'n kopulatiewe werkwoord as basis, kan die volgende strukture (aangedui met 'n asterisk), volgens Bezuidenhout (1981:105), neem:

- (a) 'n assosiatiewe kopulatiewe werkwoord plus 'n komplement

Go ba le *diatla.

'Om te wees met hande.'

= Om goed te kan werk.

- (b) 'n assosiatiewe kopulatiewe werkwoord plus 'n komplement plus 'n kwalifikatiewe bepaling

Go ba le *nko *ya sešu.

'Om 'n neus van droë mis te hê.'

= Om 'n droë neus te hê.

(Om siek te wees.)

Hierdie twee hoofstrukture kan ook verder uitgebrei word met meer as een komplement wat dan gekwalifiseer kan word of deur verskeie morfeme (bv. die toekomstige vorm tlo, die kopulatiewe ke, die lokatiewe go, die konjunktiewe le en die instrumentele ka) te neem bv.:

Go ba le diatla *tše nntši.

'Om te wees met baie hande.'

= Om baie goed te kan werk.

Go *tlo ba le pelo e nnyane.

'Om te sal wees met 'n klein hartjie.'

= Om gou kwaad te word.

2.4.1.1 Werkwoordelike idiome is nie so rigied (strak) in vorm soos spreekwoorde wat geen sintaktiese wysigings of herrangskikking van komponente toelaat nie. Vgl. Ntsanwisi (1965:16). Grobler (1978:2) en Guma (1967:66) wys ook daarop dat idiome nie 'n vaste en reëlmatige vorm het wat ten alle tye gehandhaaf moet word nie. Hulle is sintakties veranderlik en aanpasbaar en word baie selde in hulle basiese vorm gebruik. Die werkwoord in die idioom is dus bykans vryelik vervoegbaar. Die wisselbare vorm van die werkwoordelike idioom onder andere t.o.v. tyd, modus en voorwerp blyk duidelik uit die volgende voorbeeld(e) van Grobler (1978:2):

- loma 'byt' in

(Go) loma tsebe.

'Om die oor te byt.'

= Om 'n geheim te bewaar.

Ke nyaka go go loma tsebe. (infinitief)

'Ek wil jou 'n geheim vertel.'

Ke tlo go loma tsebe ge re le tseleng. (indikatief, toekomstige vorm)

'Ek sal jou 'n geheim vertel as ons op pad is.'

Ge ke fihla, ka longwa tsebe. (konsekutief, passief)

'Toe ek aankom, is ek 'n geheim vertel.'

O ntomile tsebe ge ke tloga. (indikatief, voltooid)

'Hy het my 'n geheim vertel toe ek vertrek.'

NSI @ WS = go w
 NSI @ WS (ANSI) = idioom
 NSI @ WS = idioom
 NSI @ WS = idioom

Grobler (1978:3) wys op 'n paar gevalle van Breed wat laasgenoemde spreekwoorde noem, terwyl dit in die lig van die voorafgaande uiteensetting eintlik idiome is bv.:

Go nyaka sego sa meetse.

'Om 'n skeping van water te soek.'

= Om 'n vrou te soek.

Ba ile go mo nyakela sego sa meetse. (infinitief, applikatief)

'Hulle het gegaan om vir hom 'n vrou te soek.'

Lesogana leo le nyakelwa sego sa meetse. (indikatief, onvoltooid)

'Vir daardie jongman word 'n vrou gesoek.'

Motseng woo go kile gwa nyakiwa sego sa meetse.
(konsekutief, passief)

'By daardie stat is eenkeer vrou gesoek.'

Dit is nie vir Grobler (1978:3) duidelik op grond waarvan Breed die voorafgaande en ander voorbeelde as onveranderlik beskou nie, terwyl hy gevalle soos **go ba le sebeta** 'om dapper te wees' en **go ba le pelo ye tšhweu** 'om verheug te wees' veranderlik vind en hulle onderskeidelik as spreekwoorde en idiome klassifiseer nie.

- 2.4.1.2 Bezuidenhout (1981:117-129) haal verskeie idiome aan wat afkomstig is van 'n enkele werkwoordstam bv.:

Go adima.

'Om te leen.'

Ga adima ditsebe.

'Om ore te leen.'

= Om te luister.

Go adima motho mahlo.

'Om 'n mens oë te leen.'

= Om iemand iets te help soek.

Go adima mpa.

'Om 'n maag te leen.'

= Om iemand kos te gee.

en

Go gata.

'Om te trap.'

Go gata godimo.

'Om boontoe te trap.'

= Om hoogmoedig te wees.

Go gata motho mehlala.

'Om (op) 'n mens se spore te trap.'

= Om iemand te agtervolg.

Go gata noga hlogo.

'Om 'n slang (by) die kop te trap.'

= Om die vyand to oorwin.

Go ikgata molala.

'Om vir jouself (by) die nek te trap.'

= Om jouself in die moeilikheid te laat beland.

Go gatelela motho fase.

'Om 'n mens in die grond te trap.'

= Om iemand te onderdruk.

- 2.4.1.3 Anders as spreekwoorde, het idiome nooit 'n reëlmatige onderwerp van hulle eie nie en kan hulle met enige tipe onderwerp gebruik word. Vgl. Guma (1967:66). Die infinitiewe go word saam met die basiese predikaat gebruik en die situasie is hier die bepaler van die onderwerp soos in:

Go hwa ka disego.

'Om te sterf van lag.'

= Om te skaterlag.

Ge morutiši a topa tšhoko fase borokgo bja gagwe bja kgeiga mme bana bohle ba hwa ka disego.

'Toe die onderwyser die kryt onder optel, het sy broek toe geskeur en al die kinders het toe geskater van die lag.'

2.4.2 Naamwoordelike idiome

- 2.4.2.1 Sintakties bestaan naamwoordelike idiome uit slegs 'n Ns. So 'n Ns. bestaan dan uit 'n N. gevolg deur 'n kwalifikatiewe bepaling bv.:

Batho ba nama le madi.

'Mense van vleis (vlees) en bloed.'

= Ware mense.

bestaan uit die N. batho gevolg deur die kwalifikatief ba nama le madi.

Vergelyk ook:

Motho wa leleme.

'n Mens van 'n tong.'

= 'n Mens wat te veel praat of skinder.

Mogwera wa bohloko.

'n Vriend van pyn.'

= 'n Ware vriend.

2.4.2.2 Naamwoordelike idiome is heeltemal onveranderlik. So sal die idioom

Pelo ye ntsho.

'n Swart hart.'

= 'n Slegte persoon.

altyd in hierdie vorm voorkom ongeag die tyd en modus.

Voorbeelde:

Ke na le pelo ye ntsho. (Indikatief, onvoltooid)

'Ek het 'n swart hart.'

= Ek is sleg of agterdogtig.

Ke tlo ba le pelo ye ntsho. (Indikatief, toekomstend)

'Ek sal met 'n swart hart wees.'

= Ek sal 'n slegte mens of agterdogtig wees.

Monna yo a nago le pelo ye ntsho, ke malome.

(Relatief, onvoltooid)

'Die man wat 'n swart hart het, is oom.'

= Die man wat sleg of agterdogtig is, is oom.

2.4.3 In teenstelling met die spreekwoord waar 'n gedeelte van die spreekwoord naas sy geheel, sinvol kan optree, moet die idioom altyd as 'n geheel funksioneer, aldus Grobler (1978:4).

2.4.4 Anders as spreekwoorde wat semanties gesproke n sedeles of een of ander vorm van kernagtige wysheid of filosofie inhou, het idiome geen sodanige toepassing nie. Breed (1956:29) en Guma (1967:67) stem saam dat idiome nooit didakties of moraliserend van aard is nie. Dit bevat nooit enige fundamentele waarhede of wyskede nie. Dis eerder gevatte, geestige en humoristiese uitdrukkings. Geen lering is betrokke by die volgende idiome nie:

Go etiša molomo pele.

'Om n mond eers te laat reis.'

= Om jou mond verby te praat.

Go thinta lerole.

'Om stof af te skud.'

= Om te vlug of tot ruste te kom (ontspan).

2.5

SAMEVATTING

Uit die voorafgaande bespreking, kan ons die volgende definisies aflei:

n Spreekwoord is n sintakties onveranderlike vorm van idiomatiese taalgebruik (behalwe vir variasie in formulering en verkorting) wat onderliggend uit n Ws. en n Ns. bestaan en wat n semantiese implikasie inhou van n sedeles of een of ander vorm van kernagtige wysheid of filosofie. Soos later aangetoon sal word, het spreekwoorde dikwels, maar nie altyd nie, eiesoortige linguistiese kenmerke en organisasie en is hulle ook dikwels versmatig. Die definisie kan dus soos volg aangevul word: (n Spreekwoord is n sintakties onveranderlike idiomatiese sin, wat dikwels eiesoortige linguistiese kenmerke, tipiese sintaktiese organisasie en/of n versmatige struktuur het, en wat n sedeles inhou of een of ander vorm van kernagtige wysheid beliggaam.

Not a
bring statements
of principle

Werkwoordelike idiome word weer gedefinieer as sintakties aanpasbare werkwoordgroepe met 'n nie-moraliserende en nie-aforistiese idiomatiese betekenis. Naamwoordelike idiome word daarenteen beskou as sintakties onveranderlike naamwoordgroepe met 'n nie-moraliserende en nie-aforistiese idiomatiese betekenis.



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

HOOFSTUK 3: EIESOORTIGE LINGUISTIESE KENMERKE VAN SPREEKWOORDE

3.1 INLEIDING

In Kock (1982:100) se studie oor die verstegnieke van 'n aantal Noord-Sotho-digters, kom sy tot die gevolgtrekking dat die bestudeerde digters in hulle werk, gebruik maak van sekere linguistiese strukture of kategorieë wat sy dan as eiesoortige, linguistiese kenmerke van verse beskou.

Sy beskou hierdie strukture as eiesoortig in dié sin dat hulle nie normaalweg of nie dikwels in die alledaagse taalgebruik d.w.s. in die spreek- en skryftaal voorkom nie. Hierdie strukture of kategorieë word sodoende 'n tiperende of onderskeidende kenmerk van die poësie. Sy bespreek dan 'n aantal sodanige linguistiese verskynsels, o.a. weglating van klasprefikse, weglating van die demonstratief uit adjektiefkonstruksies, die gebruik van die kondisionalis en nog talle ander. Haar bevindinge is van belang vir hierdie studie, aangesien dergelike kenmerke ook in Noord-Sotho-spreekwoorde gevind kan word. Dié verskynsels word vervolgens bespreek.

3.2 DIE GEBRUIK VAN DIE KONDISIONALIS

Dit wil vir Van Wyk (1981:103) voorkom of daar in poëtiese en argaïse taalgebruik 'n kondisionele modus aangetref word wat soos die konsektief 'n -a aan die onderwerpskakel neem, maar wat t.o.v. die toon, sintaksis en semantiek daarvan verskil. Ons het hier te doen met 'n werkwoord wat 'n voorwaardelike bysin vorm.

Voorbeelde van die gebruik van die kondisionalis (aangedui met 'n asterisk) in Noord-Sotho-spreekwoorde is die volgende:

Dibata *tša gahlana, di a jana.

'As ongediertes mekaar ontmoet, eet hulle mekaar op.'
= Skadelike of dierlike mense vernietig mekaar.

Ke swana ya mošate; *wa e gapa o molato; *wa e feta, o molato.

'Dis die swart koei van die hoofstad; jaag jy haar aan, oortree jy (is jy skuldig); gaan jy haar verby, oortree jy (is jy skuldig).'

= Hoofde wat jy nie tevrede kan stel nie.

(Dis 'n hooggeplaaste persoon en dis gevaarlik om iets van hom te sê.)

Kgaka *ya hwa, mae a bola.

'As die tarentaal sterf, vrot sy eiers.'
= 'n Weeskind ondervind nooit ware ouerliefde nie.

***La šala le eja, le je la bana ba batho.**

'Terwyl julle etende was, het julle die kinders se kos geëet.'

= Moenie julleself ten koste van ander mense bevoor-
deel nie.

Lehono *ya se rage, e tlo tlatša kgameo.

'As sy (die koei) nie vandag skop nie, sal sy die emmer volmaak (met melk).'

= As ons nie 'n ongeluk kry nie, sal ons sukses behaal.

3.3 VOOROPSTELLING VAN DIE VOORWERP SONDER 'N VOORWERPSKAKEL

In gewone taalgebruik word die voorwerpskakel met die ww. gebruik wanneer die voorwerp voor die ww. geplaas word bv. -digkomo, re a di gama 'die beeste melk ons' waarin di as voorwerpskakel verwys na die voorwerp dikgomo 'beeste'. By die vooropstelling van die voorwerp in spreekwoorde, gebeur dit egter dat die voorwerpskakel weggelaat word.

Voorbeelde:

Batho ba timana dijo, ditaba ba a begelana.

'Mense snoep vir mekaar kos, sake (gebeurtenisse) stel hulle aan mekaar bekend.'

= Alhoewel mense voedsel van mekaar mag weerhou, behoort hulle gebeurtenisse en sake aan mekaar mee te deel.

Batopi ba marula, malokwana re a tlatšišana.

'Optellers van maroelas, ons moet vir mekaar die mandjies help vul.'

= Mense met dieselfde belange of moeilikhede of beroep moet mekaar help.

Lehu re hwile la pitšana, la segwana le a rokwa.

'Ons het die dood van 'n pot gesterf, die (dood van) 'n skepkalbassie word aanmekaar gewerk.'

= As iemand dood is, kan daar niks aan gedoen word nie. Gedane sake het geen keer nie. Dit help nie om daaroor te huil nie.

Mabogo a mantši ke rata tirong, dikgobeng ga ke a rate.

'Baie hande hou ek van by die werk; by die gekookte graan hou ek nie daarvan nie.'

= 'n Mens is bly oor hulp wat hy ontvang, maar van gaste wat net eet, hou hy nie van nie.

Handwritten mark

Magoši a maswa re loba re le kgole.

'Vir nuwe konings gee ons geskenke, terwyl ons ver is.'

= Wees versigtig met jou vriendskap teenoor nuwe persone of hoofde.

Taba re apa serepa, khupamarama re hwa nayo.

'Die saak praat ons in die geheim, (iets wat ons in) die kieste (het), sterf ons mee.'

= Hierdie is 'n baie streng geheim wat tot die dood toe gehou word.

3.4 WEGLATING VAN DIE KOPULA

As 'n sin die ekwivalent van 'wees' uitdruk in gewone taalgebruik, word 'n kopula gebruik. In spreekwoorde word die kopula dikwels weggelaat. Kock (1982), Dierks (1972), Breed (1956), Guma (1967), Grobler (1978) en Bezuidenhout (1981) laat hulle nie uit oor hierdie verskynsel nie. Vgl. die volgende voorbeelde waarin weglating van die kopula aangedui word met 'n asterisk:

Kgole go se nago wa geno *molahlego.

'Ver, waar nie iemand van julle is nie, (is) verloreheid.'

= 'n Ver plek waar jy nie familiebetrekkinge het nie, is 'n plek waar jy verwaarloos (eensaam) voel.

i.p.v.

Kgole go se nago wa geno *ke molahlego.

Moriri-mošweu *lehumo, batho ba hwile ba o duma.

'Wit (grys) hare is rykdom; mense het gesterf, terwyl hulle dit begeer.'

= Grysheid en ouderdom is 'n kroon, want baie wat dood is, het dié voorreg nie gehad nie.

i.p.v.

Moriri-mošweu *ke lehumo, batho ba hwile ba o duma.

Pele gwa hlafa, morago *maboela.

'As dit vorentoe smaakloos word, agtertoe is die terugkeer.'

= As dit vorentoe moeilik gaan, moet daar teruggekeer word.

i.p.v.

Pele gwa hlafa, morago *ke maboela.

3.5

WGLATING VAN DIE KLASPREFIKS

Die klasprefiks van 'n selfstandige naamwoord wat in die alledaagse taalgebruik nie weggelaat word nie, kan in verse soms weggelaat word. Kock (1982:100) wys op die weglating van die klasprefikse van sekere s.nwe. wat wel in prosa voorkom bv. lapa 'werf' (verplichtend) i.p.v. lelapa, letšatši 'dag, son' (opsioneel): tšatši en (ka) baka (la) 'omdat, want' (opsioneel). In die prosa het dit egter 'n beperkte voorkoms t.o.v. gebruiksfrekwensie en verskeidenheid.

In die poësie kom die weglating van die klasprefiks van die le-klas veral baie voor asook in 'n mindere mate dié van die di-klas. Die weglating van die klasprefikse van ander klasse word ook aangetref. Vgl. Kock (1982:100).

In Noord-Sotho-spreekwoorde kom dieselfde linguistiese verskynsel (aangedui met 'n asterisk) dikwels voor bv.:

Nonyana phaku-phaku, e bea *'kgopa le tee.

'Die haastige voëltjie lê een eier.'

= Hoe haastiger 'n mens is, hoe minder kry jy iets uitgerig.

(Hoe meer haas, hoe minder spoed.)

***'kgopa : lekgopa**

Di lwa e le tša *'šaka le tee, di be di latswane.

'Hulle veg, terwyl hulle van een kraal is en dan lek hulle mekaar (gewoonlik) naderhand.

= Bure of familielede kry wel rusie met mekaar, maar hulle help ook mekaar.

***'šaka : lešaka**

Dinong tsa *'fofa le tee, di sela gotee.

'Aasvoëls van een veer soek saam kos.'

= Soort soek soort.

***'fofa : lefofa**

***'Foko la mohu ga le tshelwe.**

'Die woord van 'n ontslapene, word nie oorgeslaan nie.'

= Voldoen aan die begeerte van die ontslapene of iemand wat tydelik afwesig is.

***'foko : lefoko**

***'Mpša tše pedi ga di šitwe ke sebata.**

'Twee honde word nie oorwin deur 'n roofdier nie.'

= As mense saamstaan, kan baie vermag word.

***'mpša : dimpša**

***'Naka di lekane baletši.**

'Die blaashorings pas by (is genoeg vir) die blasers.'

= Die saak verloop goed; alles is in orde; elkeen is geholpe.

***'naka : dinaka**

*'Naga ga di etelane, nkabe di etelana di be di tlo segana.

'Lande besoek nie mekaar nie, (het hulle mekaar besoek), sou hulle vir mekaar lag.'

= Vreemdelinge respekteer mekaar, want hulle ken nie mekaar se tekortkominge nie.

*'naga : dinaga

*'Atla tše pedi ga di rafe dinose.

'Twee hande haal nie heuning uit nie.'

= Twee hoofde kan nie leiding gee nie.

*'atla : diatla

3.6 ADJEKTIEWE SONDER DEMONSTRATIEWE

Dit kan gebeur dat 'n demonstratief nie saam met 'n afjektief gebruik word soos in prosa nie. Waar 'n gewone adjektiefkonstruksie saamgestel word uit

(s.nw. +) demonstratief A1 + (klasprefiks) + adjektiefstam
bestaan die konstruksie nou uit:

(s.nw. +) (klasprefiks) + adjektiefstam.

bv. monna mogolo 'groot man' i.p.v. monna yo mogolo.

Volgens Kock (1984:83-85) word hierdie verskynsel dikwels in prosa aangetref. Die adjektief word in sulke gevalle meestal vas aan die antesedent geskryf, asof hulle komposita vorm. Hy noem 'n aantal voorbeelde van adjektiewe met antesedente waarin die demonstratief weggeval het asook voorbeelde van adjektiewe sonder antesedente en sonder demonstratiewe (telkens aangedui met 'n asterisk) bv.:

Gore ba ye go bona *basadi-bagolo.

'Sodat hulle gaan om die ouvrouens (groot vrouens) te sien.'

*basadi-bagolo : basadi ba bagolo

Adjektiewe sonder antesedente:

***Motala o re: "Dimpša tše pedi ga di palelwe ke sebata."**

'Die oue (oumens) sê: "Twee honde word nie baasgeraak deur 'n roofdier nie."'

***motala : yo motala**

Anthe o bona *dinyane, *dikgolo di sa tla ...

'Tog sien hy (net) kleines, die grotes kom nog ...'

***dinyane : tše dinyane**

***dikgolo : tše dikgolo**

Die betekenisverskil is vir Kock (1984:87) die volgende:

Monna yo mogolo.

'Die man wat groot (is)/die groot man.'

en

Monna mogolo/monna-mogolo.

'Die groot man/ouman.'

In die poësie word adjektiewe sonder demonstratiewe baie aangetref. Volgens Kock (1982:101) oortref die frekwensie daarvan in die werke van die bestudeerde digters dié van die weglating van die klasprefiks. Naamwoorde waarvan die demonstratiewe in adjektiefkonstruksies weggelaat is, is meestal dié in klas 9 en 10, alhoewel Kock (1982:102) wys op voorbeelde waar naamwoorde in ander klasse ook dikwels sonder demonstratiewe in adjektiefkonstruksies aangetref word.

In Noord-Sotho-spreekwoorde word demonstratiewe ook uit adjektiefkonstruksies weggelaat (aangedui met 'n asterisk). Ook hier is dit woorde in klas 9 en 10 wat die meeste betrokke is. Vgl. bv.:

Seji ga se rate *sengwe.

'n Eter hou nie van 'n ander nie.'

= 'n Mens hou nie daarvan as iemand dieselfde soort daad aan hom doen as wat hy aan 'n ander doen nie.

*sengwe : se sengwe

Meno *mašweu-polaya-sega.

'Wit tande (is 'n) doodmaker, terwyl hy lag.'

= 'n Persoon is vriendelik teenoor jou, terwyl hy jou haat.

*mašweu : a mašweu

Magokobu mantši a bolaile noga.

'Baie kraaie het die slang doodgemaak.'

= As daar baie helpers is, kom die werk gouer klaar.
(Vele hande maak ligte werk.)

*mantši : a mantši

Mošabo *mogolo o teng; go apara ke mabala.

'Groot vreugde is binne (die maag); om aan te trek is kleure.'

= Kos is belangriker as klere.

*mogolo : yo mogolo

Motsomi a kganyela *mongwe, o bona madi selepeng.

'Terwyl die jagter haastig na 'n ander gaan, sien hy die bloed aan die byl.'

= As 'n mens hom haas om vriende te maak met iemand, is dit omdat hy sien dat die ander persoon iets besit waaruit hy voordeel kan trek.

*mongwe : yo mongwe

Kgaka *kgolo se na mabala; mabala a na le kgakana.

'Die groot tarentaal sonder kleure; die kleure het die tarentaaltjie(s).'

= As aan iemand 'n geskenk gegee word wat nie vir homself iets werd is nie, kan dit miskien vir sy kinders van nut wees.

*kgolo : ye kgolo

Bagwe *babedi ke lesolo.

'Twee swaers is 'n jagparty.'

= Twee koppe is beter as een.

(Eendrag maak mag. Vele hande maak ligte werk.)

*babedi : ba babedi

Kgakgara *pedi ga di lale moleteng o tee.

'Twee koggelmanders slaap nie in dieselfde gat nie.'

= Twee mense met dieselfde geaardheid kom nie met mekaar oor die weg nie.

*pedi : tše pedi

Maebana *mabedi ga a rakwe.

'Twee duifies word nie weggejaag nie.'

= 'n Mens kan nie twee dinge gelyk doen nie.

('n Mens kan nie twee here gelyk dien nie.)

*mabedi : a mabedi

Demonstratiewe word ook soms in relatiefkonstruksies weggelaat bv.:

Kgole *go se nago wa geno molahlego.

'Ver, waar nie iemand van julle is nie, (is) verloretheid.'

= 'n Ver plek waar jy nie familiebetrekkings het nie, is 'n plek waar jy verwaarloos (eensaam) voel.

*go se nago : mo go se nago

3.7

VERKORTING OF WEGLATING VAN DIE BESITSKAKEL

Soms word 'n besitskakel weggelaat in die poësie. Die weglating van die semivokaal uit die besitskakels wa en ya gaan ook gewoonlik gepaard met die weglating van 'n slotvokaal /a/ van die voorafgaande s.nw. Vgl. Kock (1982:106).

Soos in die poësie, word slegs enkele gevalle van die weglating of verkorting van die besitskakel aangetref (aangedui met 'n asterisk) bv.:

Mogwera-*tšhwene o ja se tšhwene e se jago.

'Vriend (van) 'n bobbejaan eet dit wat 'n bobbejaan eet.'

= Aan jou vriende word jy geken, want jy doen soos jou vriende doen.

mogwera - *tšhwene : mogwera *wa tšhwene

Mong-*dikgomo ithute molodi, o etše mohla badiša ba ngadile.

'Beeseienaar, leer om te fluit, sodat jy kan fluit die dag as die beeswagters gestaak het.'

= 'n Mens moet sorg dat jy onafhanklik is.

mong-*dikgomo : mong *wa dikgomo

Maswana manyane a bommutla a beile ngwana-*'mmutla pelo.

'n Bietjie melk van haas-hulle het die kind van die haas se hart tevrede gestel.'

= Wees maar tevrede met min.

ngwana-*'mmutla : ngwana *wa mmutla

Mo go lapago molemiši le mong-*tšhemo o a lapa.

'Daar waar die helper moeg word, word ook die eienaar van die land moeg.'

= As iemand jou ondersteun in 'n werk, moet jy ook al jou energie in die werk insit.

mong-*tšhemo : mong *wa tšhemo

3.8 VOORKOMS VAN 'N ONDERWERP WAARVAN DIE ONDERWERPSKAKEL NIE GEBRUIK WORD NIE

In spreekwoorde tref ons 'n konstruksie aan waar die normale onderwerpskakel van die voorafgaande onderwerpsnaamwoord nie optree nie, anders as in alledaagse taalgebruik. Dié verskynsel is nie opgemerk deur ander skrywers nie. In plaas van konstruksies soos: **Monna o a bona** 'die man sien' waarin monna die onderwerp is en o- die onderwerpskakel afgelei van monna, tref ons die volgende aan waar 'n ander onderwerpskakel (aangedui met 'n asterisk) as dié van die onderwerpsnaamwoord gebruik word:

Bana ba tau ga *re jane.

'Kinders van 'n leeu, ons eet nie mekaar nie.'

= Mense van dieselfde soort moet mekaar nie benadeel nie.

ga *re jane : ga *ba jane

Koša e tšwa mošate, batseta *re a latela.

'Die lied kom van die hoofstat; die boodskappers, (onderdane), ons volg.'

= Die kaptein speel die deuntjie en die onderdane moet inval en meedoen.

batseta *re a latela : batseta *ba a latela

Fegollane se borala, mampša *re lapa melala.

'Haal dit van die rak af; die honde, ons vermoei die nekke.'

= Voer uit wat jy beloof het.

(Moenie net praat nie; doen iets.)

mampša *re lapa melala : mampša *a lapa melala

Uit bogenoemde voorbeelde wil dit voorkom asof re dikwels optree in die plek van die gewone onderwerpskakel van die onderwerpsnaamwoord. Wat die implikasie t.o.v. die onderwerp betref, het ons hier waarskynlik te doen met 'n elliptiese gebruik by spreekwoorde. Klaarblyklik is die implikasie dat die onderwerp 'n Ns. is met die weggelate absolute voornaamwoord rena daarin. Vgl. bv.:

Bana ba tšhipa *re tsela e tee, ra se dire bjalo mogotla o tlo re tlapiriganya.

'Ons kinders van die springhaas, ons loop (is) een pad; as ons nie so maak nie, sal mogotla (betekenis onbekend) ons vergruis.'

= As ons nie saamwerk nie, sal ons ondergaan.

(rena)bana ba tšhipa *re tsela e tee : bana ba tšhipa *ba tsela e tee.

3.9

ONPERSOONLIKE KONSTRUKSIE MET GO I.P.V. 'N GEWONE ONDERWERPSKAKEL

Daar kan ook gelet word op die gebruik van 'n onpersoonlike konstruksie met go in die plek van die gewone onderwerpskakel van die onderwerpsnaamwoord. Hierdie tipe konstruksie kom in 'n hoë mate voor in Noord-Sotho-spreekwoorde en word in die volgende voorbeelde aangedui met 'n asterisk:

Dikgomo, *go hlabana tša 'šaka le tee.

'Beeste van een kraal steek (stoot) mekaar.'

= Familie is geneig om mekaar te benadeel of om op mekaar afgunstig te wees.

Vgl.: dikgomo tša 'šaka le tee *di a hlabana

Kgomo *go latswana diboya.

'Beeste lek (vir) mekaar die hare.'

= Doen aan ander mense goed; hulle kan ook aan jou weer goed doen.

Vgl.: (di)kgomo diboya *di a latswana

Masekama *go sekama a pele, a morago a a latela (a tsea tsela).

'As iemand voor skeef loop, volg die agterstes (ook skeef).'

= As 'n leier, of iemand wat die voorbeeld moet stel, skeef of verkeerd gaan, sal die volgelinge dit ook doen.

Vgl.: masekama a pele *a a sekama ...

Mokotla *go jewa wo o dutlago.

'Die sak wat lek, word geëet.'

= Gebruik eerste die besittings waarby skade kan kom.

Vgl.: mokotla wo o dutlago *o a jewa

Die semantiese implikasie t.o.v. die onderwerp is klaarblyklik 'wat betref, betreffende ...' Die onderwerp kan dus gesien word as 'n verkorte vorm van *ge e le* bv.:

Segole *go thibja sa kgomo, sa motho se a ithiba.

word gelees as

(*Ge e le*) segole, *go thibja sa kgomo, sa motho se a ithiba.

'Wat betref die kreupel bees, word dit gekeer; 'n kreupel mens keer homself.'

= 'n Mens, anders as 'n dier, is verantwoordelik vir sy eie swak prestasies.

Ook:

Mokotla *go jewa wo o dutlago.

word gelees as

(Ge e le) mokotla *go jewa wo o dutlago.

'Betreffende die sak wat lek, word dit geëet.'

= Gebruik eerste die besittings waarby skade kan kom.

3.10 ARGAI SMES

Noord-Sotho-spreekwoorde is dikwels nie maklik verstaanbaar nie. Die verstaanbaarheid van spreekwoorde word deels verminder deur argaïse woorde wat daarin voorkom d.w.s. woorde wat al in onbruik verval het in die hedendaagse taalgebruik. Argaïse woorde word egter nie deur moderne ekwivalente vervang nie. Vgl. Dierks (1972:10) in hierdie verband oor Tswana-spreekwoorde. Tipiese voorbeelde van argaïsmes (aangedui met 'n asterisk) is die volgende:

**Ke bešitše (thotho) *tlhotlho ka pedi, ke di šimetše;
e nngwe ya swa.**

'Ek het twee dinge (vleisstukke) gebraai; ek het dit
gebraai (gerooster); een het toe verbrand.'

= 'n Mens kan nie twee here gelyk dien nie.

***tlhotlho : segoba 'vleis'**

***Lebatla le ja mong wa lona.**

'n Wetgewende vergadering eet sy eienaar.'

= Wette wat gemaak word; geld ook vir die wetgewer.

***lebatla : lekgotla 'tradisionele hof'**

Mmjala-phefo o buna *tshasedi.

'Hy wat wind plant, sal 'n dwarrelwind oes.'

= Wat jy saai, sal jy ook maai.

***tshasedi : sesasedi 'warrelwind'**

Motsoko re *šaba tsela.

'Tabak koop ons langs die pad.'

= Lewenswysheid word langs die lewenspad gevind.

(Ondervinding is die beste leermeester.)

***-saba : -reka 'koop'**

Taba re apa *serepa, khupamarama re hwa nayo.

'Die saak praat ons in die geheim; (iets wat ons) in die kieste (het), sterf ons mee.'

= Hierdie is 'n baie streng geheim wat tot die dood toe gehou word.

***serepa : sephiri 'geheim'**

***Masese a monna a apewa ka pitsana.**

'Die plannetjies (handelswyse) van 'n man word gekook in 'n potjie.'

= 'n Mens kan maklik deur die planne van iemand sien.

***masese : maano 'planne'**

3.11 SAAMGESTELDE SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

Die gebruik van saamgestelde s.nwe. is ook 'n eiesoortige linguïstiese kenmerk van die poësie. Vgl. bv. die volgende samestellings bestaande uit:

s.nw. + s.nw. (+ s.nw.)

meetse-lerato

(S. R. Machaka : Mmamma.)

'water van die liefde'

beng-motse

(M. S. I. Segooa : Pula.)

'eienaar van die stat'

Hierdie tegniek word ook soms aangetref in spreekwoorde
bv.:

Magang-mašata a kaaka 'nthapeleleng'.

'n Lawaaiëryge woordewisseling is net soos: 'bid vir my.'

= As iemand 'n groot lawaai maak, beteken dit nie 'pasop vir my nie', maar eerder: 'help my' of 'bid vir my'.

(Blaffende honde byt nie.)

Mong-dikgomo, ithute molodi, o etše mohla badiša ba ngadile.

'Beeseienaar, leer jouself om te fluit, sodat jy kan fluit die dag as die wagters gestaak het.'

= 'n Mens moet sorg dat jy onafhanklik is.

3.12 NOMINO-VERBALIA

Kock (1982:108) haal Van Wyk se standpunt aan dat dit nie algemeen besef word dat infinitiewe nie die enigste verbale nwe. in Noord-Sotho is nie; nomino-verbale vorme word in al die naamwoordklasse aangetref. Hy verwys o.a. na konstruksies soos **sejanaga** 'motor' (= dit wat die veld eet) en **modišakgomo** 'beesoppasser' (= een wat beeste oppas) wat gebaseer is op verbale nwe.

Hierdie konstruksies word gehanteer as saamgestelde nwe. in grammatikas van Noord-Sotho en geskryf as enkele woorde in die ortografie van Sotho, terwyl hulle in werklikheid bestaan uit verbale nwe. nl. *seja* en *modiša* plus uitbreidings *'naga* en *kgomo*. Die betekenis van nomino-verbale frases word afgelei uit die betekenis van hulle konstituente, terwyl dié van ware saamgestelde nwe. verskil van dié van hulle konstituente. So beteken *seja naga* letterlik 'dit wat die veld eet', terwyl *kgomobolekana* 'kondensmelk' beteken en nie 'beesblikke' of 'geblikte bees' nie. Van Wyk beperk die term verbale nw. en nomino-verbaal tot nie-infinitiewe woorde soos *seja* en *makgona* wat nominale en verbale eienskappe het. Alhoewel infinitiewe ook nomino-verbale woorde is, sluit hy dit nie in onder dié term nie.

Nomino-verbalia het Kock (1982:110) in die verse van al die bestudeerde digters aangetref. Sy het 'n groot verskeidenheid strukture gevind. Vgl. die volgende paar uitbreidings van verbale nwe.:

le-tshela watile

(S. R. Machaka : Lehu.)

'Dit wat oor die see gaan'

mo-ya nokeng

(M. S. I. Segooa : Senhlane Segooa.)

'Hy wat na die rivier gaan'

ma-tla ka kgomo

(S. N. Tseke : Ke mmone.)

'Hy wat met 'n bees kom'

ma-ja sa gagwe

(S. N. Tseke : Ke mmone.)

'Hy wat syne eet'

Die gebruik van nomino-verbalia het 'n hoë voorkoms in spreekwoorde. Ook hier word verskillende tipes aangetref bv.:

Ma-tla go khora, ke ma-thabela tšohle.

'Hulle wat versadig sal word, is dié wat bly is oor alles.'

= Mense wat nie vol fiemies is nie, sal altyd met kos tevrede wees.

(Honger is die beste kok.)

Mmea poo ya mošemane, o a ipeela.

'Hy wat 'n bul van 'n seun plaas, plaas dit vir homself.'

= As jy jou seun altyd beskerm as hy verkeerde dinge doen, sal jy eendag self daaronder ly.

(Elkeen sal die vrugte van sy daad self pluk.)

Mona le ngwana ke mona mpšana.

'Iemand wat 'n kind het, is iemand wat 'n hondjie het.'

= 'n Klein hondjie doen altyd kwaad en van 'n kind kan 'n mens ook enige ondeunde streke verwag.

Mo-šala gae mollo o se time.

'Jy wat tuisbly, die vuur moenie doodgaan nie.'

= As jy toesig hou oor iets, moet jy nie verslap in waaksaamheid nie.

3.13 SAMEVATTING

Daar is bevind dat die moderne Noord-Sotho-poësie, sowel as spreekwoorde, sekere linguistiese strukture of kategorieë wat as eiesoortig bestempel kan word, vertoon. 'n Aantal sodanige linguistiese verskynsels is bespreek. Een linguistiese verskynsel met die hoogste voorkoms in die poësie en spreekwoorde, is die gebruik van die kondisionele modus wat 'n voorwaarde

uitdruk. Anders as in die poësie, is bevind dat 'n voorwerp dikwels vooropgestel kan word sonder 'n voorwerpskakel in spreekwoorde.

Ander verskynsels in die bestudeerde poësie en spreekwoorde behels die weglating van die klasprefiks le- en in 'n mindere mate dié van klas di- en die weglating van demonstratiewe uit adjektiewe wat 'n hoër voorkoms het as die weglating van die klasprefiks en die verkorting of weglating van die besitskakel. Spreekwoorde is ook gekenmerk deur die weglating van die kopulatief en die gebruik van argaïse woorde waardeur die verstaanbaarheid van spreekwoorde bemoeilik word. Ook saamgestelde nwe. en nomino-verbalia is dikwels in die poësie en spreekwoorde aangetref. Verskillende tipes strukture by nomino-verbalia is toegelig.



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

HOOFSTUK 4: VERSMATIGHEID VAN SPREEKWOORDE

4.1

INLEIDING

Ons kan onself afvra watter taalkundige verskynsel of taalkundige organisasie verse van prosa-uitinge onderskei. Wat in Noord-Sotho 'n vers is, word uitvoerig uiteengesit deur Groenewald (1966) en Kock (1982).

Groenewald (1966:2) beweer dat die vers (a) soos 'n prosawerk, 'n vorm van taalgebruik is wat noodsaaklikerwys uit linguistiese eenhede opgebou is en (b) 'n versgeheel, saamgestel uit verstegniese eenhede waarvan die linguistiese karakter toevallig van aard is. Ons neem dus aan dat die versmatige van die nie-versmatige onderskei word deur linguistiese kenmerke of organisasies. Volgens Kock (1982:2) sluit die aanname nie uit dat verse ook ander, nie-linguistiese kenmerke het nie; dit gee net primaat aan die linguistiese.

Groenewald (1966:6) kom verder tot die slotsom dat 'n skerp grenslyn tussen die wese van die vers met 'n verstegniese karakter naas die linguistiese en die prosawerk nie moontlik is nie, aangesien ons te doen het met 'n graduele onderskeid en lg. slegs deur die kontrastering van uiterstes aangedui kan word. Met dié doel voor oë bepaal die versleer dat die objek van sy ondersoek as versgeheel eenreëlig moet wees en as taaluiting deur 'n enkele sin bevat moet word, daar dit die mins moontlike aantal toevallige kenmerke sal insluit wat die beskrywing van die versvorm kan vertroebel.

Vir Groenewald (1966:14) gaan die kwessie van versvorm om die herhaling van woord en woordgroeponologiese hoedanighede te beskryf om met 'n linguistiese grens in koördinasie te kom. Hy sluit ook die beskrywing van sinsfonologiese

hoedanighede in die geval van die korrespondensie van selfstandige eenhede in. Om 'n versgeheel te vorm, word onselfstandige (of onselfstandige en selfstandige) verstegniese eenhede op 'n grondslag van hiërargie in korrespondensie gestel.

Net soos in die Noord-Sotho-poësie, word daar ook in sekere spreekwoorde gebruik gemaak van bogenoemde verstegniese middele om versgehele tot stand te bring. Voordat daar ingegaan word op die verstegniese eienskappe van Noord-Sotho-spreekwoorde, moet dit duidelik gestel word dat nie alle Noord-Sotho-spreekwoorde versmatige eienskappe vertoon nie bv.:

Dikgomo di retwa di boya mokatong.

'Die beeste word geprys as hulle terugkeer van die resies af.'

= 'n Mens word eers geprys wanneer jy jou werk klaar
gedoen het.

Ka kgorong lentšū la monna ga le šalwe morago.

'In die volksvergadering word die woord van 'n man nie agtervolg nie.'

= As 'n man iets in die volksvergadering sê, mag hy
nie daarvoor vervolg word nie.

Magotlo a mantši ga a epe molete.

'Baie muise grawe nie 'n gat nie.'

= Baie hoofde kan nie leiding gee nie.

In teenstelling met die voorafgaande spreekwoorde, word versmatige eienskappe wel in die volgende gevalle aange-tref:

Om poësie te skep, maak Noord-Sotho-digters gebruik van een of meer van die volgende: leksikale organisasie (bv. herhaling), sintaktiese organisasie (bv. sintaktiese parallelisme) en semantiese organisasie (o.a. semantiese parallelisme). Hierdie tegnieke word vervolgens bespreek aan die hand van 'n vergelyking van verse met spreekwoorde.

4.2 LEKSIKALE ORGANISASIE

Hieroor laat Van Wyk (1975), soos aangehaal deur Kock (1982:6), hom soos volg uit:

"Leksikale organisasie ontstaan wanneer leksikale elemente d.w.s. woordstamme, woorde en groepe woorde, in patrone gerangskik word s6 dat semanties-grammatiese organisasie saamval met fonologiese vorm. Anders gestel: in leksikale organisasie word semanties-grammatiese patrone afgeteken in fonologiese vorm. In teenstelling hiermee behels fonologiese organisasie wat 'n toevallige verskenmerk is, die patroonmatige rangskikking van klanksegmente sonder dat dit in die semanties-grammatiese inhoud afgeteken word."

Volgens hom is die wederkerende gebruik van woordstamme, woorde of groepe woorde op bepaalde punte in opeenvolgende versreëls, 'n baie tipiese organisasiebeginsel in die Bantoevers. Die klankvorm sowel as die semantiese en grammatiese aspekte van die betrokke elemente word betrek en dis derhalwe in 'n bepaalde sin 'n kombinasie van semanties-grammatiese en fonologiese organisasie. Leksikale organisasie kan die vorm aanneem van herhaling van 'n woordstam, 'n woord of 'n groep woorde in opeenvolgende of nie-opeenvolgende versreëls - lg. in die geval van spreekwoorde.

Groenewald (1966:70) verbind herhaling met die ordening van segmentele gehele (woordgroepe), woordgedeeltes, woorde en stamme/woordkerne wat hy vervolgens herhalings-elemente noem. Die herhalings-elemente of leksikale elemente beklee ook nie noodwendig die slotposisie in die verstegniese eenheid nie, maar hulle kan selfs patroonloos in die versreëls versprei lê. Vir Kock (1982:7) kan leksikale herhalings bestaan uit die wederkerende gebruik van 'n enkele item, meer as een item of die herhaling van 'n sinsdeel met dieselfde leksikonitems.

'n Voorbeeld van leksikale herhaling (aangedui deur a) in moderne Noord-Sotho poësie is:

Tse ^ake di bonang, ^ake di bona ka mahlo a nnete.

(S. R. Machaka : Mmaseedi)

'Dit wat ek sien, ek sien dit met die oë van waarheid.'

In bogenoemde voorbeeld word die woordgroep ke di bona herhaal, asook die werkwoordstam bona.

Spreekwoorde vertoon dikwels ook leksikale herhaling (aangedui deur a en b) bv.:

Woordstamherhaling of woordkernherhaling in

Ditšhila ga di ^abolaye, go ^abolaya mpholo.

'Vullis maak nie dood nie, gif maak dood.'

= Wat nie doodmaak nie, maak vet.

^aMafema-^bsephuthana, o ^afema se a se ^bphuthilego.

'Beskermer van 'n bondeltjie, hy beskerm dit wat hy vergader het.'

= 'n Man van 'n sekere beroep of ambag sal altyd sy eie beroep of ambag beskerm as ander dit slegmaak.

(As iemand 'n saak verdedig, is dit 'n teken dat hy self die daad gepleeg het of die saak tot stand gebring het. 'n Mens sal altyd sy eie handelwyse beskerm. As 'n persoon iets beskerm, het hy persoonlike belange daarby.)

Namane e ^allago e ^alla mollo wa mmayo.

'Die kalf wat bulk (skreeu), bulk die gebulk van sy ma.'

= 'n Kind neem die eienskappe aan van sy ouers.
(Aartjie na sy vaartjie.)

Woordherhaling in

Dinonyana tša molapo wa ^amonopi, ge di tlo ja ^amonopi pele, di kwana melodi.

'Die voëls van die vallei van 'n boerboon, wanneer hulle dit (die bone) eet, roep hulle mekaar eers (met) 'n gefluit.'

= Mense behorende tot dieselfde groep, sal saam besluit voor hulle iets doen.

^aLehufa le apeilwe le lefšika; gwa butšwa ^alehufa;
^b'fšika la šala.

'Jaloesie is saam met 'n klip gekook; die jaloesie het gaar geword en die klip het toe agtergebly.'

= Jaloesie sal nooit stand hou nie.

(Dis baie nadelig om jaloers te wees.)

Woordgroepherhaling in

Hlame e ^aboye le sa gagwe, mogolodi o ^aboye le sa gagwe.

'Die sekretarisvoël moet terugkeer met syne, die reier moet terugkeer met syne.'

= Elkeen kry sy regmatige deel.

(As daar 'n stryd of twis was, moet elke party sy goed vat en uitmekaar gaan.)

Tswalo ^ae nngwe fela, khwelo ga ^ae nngwe.

'Die geboorte is net een, die sterwe is nie een nie.'

= Daar is net een manier om gebore te word, maar baie maniere om te sterf.

Kgomo e ^aswarwa ka dinaka, motho o ^aswarwa ka leleme.

'n Bees word by die horings gevang, 'n mens word met die tong gevang.'

= Uit 'n mens se eie woorde, word sy skuld bewys.

Dit gebeur dikwels dat meer as een soort herhaling in dieselfde spreekwoord aangetref word bv.:

Woord- en woordkernherhaling (aangedui deur a en b onderskeidelik) in

^aKgoba-^akgoba o a ^bikgobela.

'Versamel-versamel, jy versamel vir jouself.'

= As 'n mens een of ander werk doen of iets in 'n saak belê, wil jy graag self die voordeel daarvan trek en nie andere daarmee laat heengaan nie.

Woordgroep- en woordkernherhaling (aangedui deur a en b onderskeidelik):

^aNko ya motho ga e ^bdupe, go ^bdupa ^anko ya kgomo.

'Die neus van 'n mens ruik nie, die neus van 'n bees ruik.'

= 'n Mens kan nie iets ruik (weet) as jy hom dit nie vertel nie.

Herhaling is dus 'n opvallende kenmerk van die Bantoevers en so ook van spreekwoorde.

4.3 SINTAKTIESE ORGANISASIE

4.3.1 Sintaktiese parallelisme

In 'n sekere sin is dit vir Van Wyk (1975) kunsmatig om tussen die verskillende soorte inhoudelike organisasie te onderskei, aangesien die verskynsel wat daaronder saamgevat kan word, in verskillende verhoudinge oor- en deurmekaar kan skuiwe, aldus Kock (1982:28). Benewens 'n leksikale organisasie, onderskei hy ook 'n semanties-grammatiese organisasie d.w.s. die patroonmatige ordening van betekenis, morfologiese strukture en sintaktiese konstruksies in 'n vers, sonder dat die ordening afgeteken word in fonologiese vorm.

Sintaktiese parallelisme as verstegniek beskou Kock (1982:28) as die herhaling van versreëls of gedeeltes van versreëls wat nie leksikaal of fonologies identies is nie, maar wat dieselfde sintaktiese struktuur het of tot dieselfde grammatiese kategorie behoort en wat voorkom in opeenvolgende of nie-opeenvolgende versreëls. In die werk

van die digters wat Kock (1982:28) ondersoek het, het hierdie verstegniek 'n wye verspreiding. Vgl. die volgende patrone in die volgende vers (aangedui deur A):

AMo nyale ka lerato, le tšwa Leratong,
AMo gwere ka therešo e tšwa Therešong,
AMo goroše ka tumelo e tšwa Tumelong,
AGobane tšohle ge di kgopelwa o re nea ka maleba.
 (S. N. Tseke : Lenyalo)

'Trou met hom/haar in liefde, dit kom uit Liefde,
 Bevriend hom/haar in opregtheid, dit kom uit die
 Waarheid,
 Laat hy/sy aankom in geloof, dit kom uit Geloof
 Want wanneer alles gevra word, gee Hy aan ons soos
 dit ons behaag.'

A = Imperatief met voorwerpskakel + ka + s.nw. +
 onderwerpskakel + tšwa + s.nw. met 'n lokatiewe
 suffiks.

In spreekwoorde word sintaktiese parallelisme ook aange-
 tref bv.:

AMahlale a ja mong, **A**maaka a ja mmoledi.
 'Wyshede eet die baas, leuens eet die spreker
 (daarvan).'
 = Slim vang sy baas.

A = s.nw. in klas 6 + onderwerpskakel + ja + s.nw. in
 klas 1.

Ge^A o ka se obe ka molomo, ^Ao tlo oba ka 'koto.

'As jy nie met die mond fouteer nie, sal jy fouteer met die been (voet).'

= Wat jy ook al doen, dit sal tog verkeerd wees.

A = onderwerpskakel + negatief/positief van die toekomende vorm + ww. + ka + s.nw.

^AGa se tša bokadiša, ^Ake tša bokatswala.

'Dit wat aan jou behoort, is nie dit wat jy oppas nie. Dis die een wat by jou gekalf is.'

= As iemand iets aan jou gee vir bewaring, moet jy besef dis nie jou eiendom nie, want die eienaar sal dit weldra kom opeis.

A = negatief/positief van die identifiserende kopulatief + tša + s.nw. in klas 14.

^ADitlabonnyane ke ^Aditlabogolo.

'(Dinge) wat kom in kleinheid, is (dinge) wat kom in grootheid.'

= Klein slegte daade gee later aanleiding tot groot slegte daade.

A = di- + -tla- + s.nw. in klas 14.

4.4 Semantiese Organisasie

In hierdie verband word daar gelet op Van Wyk (1975) se mening, soos aangehaal deur Kock (1982:52), nl.:

"In die praktyk val die semantiese en grammatiese egter meestal saam en ontstaan variasie alleen a.g.v. verskillende brandpuntinstellings. Indien die digter nl. simmetrie wil bewerkstellig deur die benutting van semantiese verhoudinge soos sinonimie of antonimie, moet hy gewoonlik binne bepaalde grammatiese kategorieë beweeg en ontstaan daar vanself ook grammatiese

organisasie. Andersom bring grammatiese organisasie weer semantiese ordening mee, omdat sintaktiese verhoudinge medebepalend is vir semantiese interpretasie en omdat morfologiese kategorieë dikwels saamhang met semantiese eienskappe."

4.4.1 Semantiese teenstellings

Die gebruik van woorde, woordgroepe of uitdrukkings in dieselfde of verskillende versreëls waarvan die betekenis n teenstelling vorm, word semantiese teenstellings genoem. Vgl. Kock (1982:52). Die gebruik van semantiese teenstellings binne dieselfde grammatiese kategorieë kom binne dieselfde versreëls asook in verskillende versreëls voor. Semantiese teenstellings (aangedui deur a, b en c) word aangetref in die volgende vers:

Ga ke ^abolaye ke a ^aphološa
 Ga ke ^blapiše ke a ^blapološa
 Ga ke ^cbefediše ke a ^cthabiša ...
 (M. P. Madisha : Boroko)

'Ek maak nie dood nie; ek red
 Ek maak nie moeg nie; ek verkwik
 Ek maak nie kwaad nie; ek maak bly ...'

Vergelyk ook die semantiese teenstellings (aangedui deur a en b) in die volgende spreekwoorde:

^aLeputlaputla le ja ^bpudi, ^amadikologa, a ja ^bnamane
ya kgomo.

'n Oorhaastige eet 'n bok, die een wat tydsaam is, eet die kalf van 'n bees.'

= Iets wat oorhaastig gedoen word, sal nie so 'n sukses wees as iets wat met versigtigheid en oorleg gedoen word nie.

^aBahu ga se ^bbafedi; ^abašala ba sa le ^bgona.

'Dooies is nie gedaanmakers nie; oorblywendes is nog daar.'

= Niemand is onmisbaar nie.

Dit wil voorkom asof die verskillende digters, 'n geringe voorkeur gee aan die gebruik van die s.nw. t.o.v. woordsoorte in semantiese teenstellings, alhoewel ander woordsoorte of selfs woordgroepe ook gebruik word. Vgl. Kock (1982:57). Sy beweer dat kombinasies van woordsoorte ook gebruik word. In spreekwoorde het ons meestal te doen met naamwoorde, alhoewel ander woordsoorte en woordgroepe ook gebruik word.

4.4.2 Semantiese parallelisme

Semantiese parallelismes kom neer op die gebruik van woorde, woordgroepe of uitdrukkings, in dieselfde of verskillende versreëls waarvan die betekenis min of meer dieselfde is. Vgl. Kock (1982:58). Soos in die geval van semantiese teenstellings, word semantiese parallelismes ook dikwels gekoppel aan bepaalde grammatiese kategorieë; gevolglik hang semantiese parallelismes ook dikwels saam met leksikale of sintaktiese herhaling.

Die semantiese parallelismes (aangedui deur a en b) blyk duidelik uit die volgende vers:

Gore ^ase Mo tsebe
^ase Mo rate
^ase Mo rete
^ase Mo tlotle
^bse Mo rapele
^bse Mo khunamele
^ase Mo tumiše

(H. M. L. Lentsoane : Ga se ya lešaka le No. IV)

'Sodat hy/dit Hom ken
 hy/dit Hom liefhet
 hy/dit Hom prys
 hy/dit Hom loof
 hy/dit Hom aanbid
 hy/dit voor Hom kniel
 hy/dit Hom bekendmaak.'

Semantiese parallelisme in spreekwoorde (aangedui deur a) word aangetref in::

Bolela ^amo-na-molomo, ^amo-na-tsebe o tlo go kwa.

'Vertel (vir andere) jy wat 'n mond het; hy wat 'n oor het, sal jou hoor.'

= Hou aan met waarsku en hy wat ore het om te hoor, sal hoor.

Amogelang moeti ^amo-tla-pele, ^amo-tla-morago o tla a swere eng?

'Onthaal (ontvang) die reisiger wat eerste kom, die een wat later kom, wat het (besit) hy?'

= Maak van jou eerste geleenthede gebruik.

(Moenie wag vir later, terwyl jy al jou kanse laat verbyglip nie.)

4.4.3 Woordspel

Volgens Kock (1982:61) is Van Wyk (1975) van mening dat woordspel 'n toevallige kenmerk van verse is wat veral in Noord-Sotho gewild is. By woordspeling word ook herhaling aangetref. Ons het hier te doen met 'n vorm van leksikale organisasie wat meermal slegs twee trefpunte het en wat neerkom op die gebruik van woorde met gelykluidende dele, maar met verskillende betekenis. Volgens Pollard (1980:149) is dit soms moeilik om die begrippe te vertaal, want in bv. een geval sal die herhaling uit verwante eenhede of idee's bestaan en in 'n ander geval sal die klankooreenkoms bloot toevallig wees.

Woordspel (aangedui met 'n asterisk) word in die volgende vers aangetref:

***Lapa lela la Marabe ke *lapa,**

Batho ga ba lape go tla ka *lapeng.

(H. M. L. Lentsoane : Ga se ya lešaka le No. IV)

'Dáárdie werf van Marabe is 'n werf,

Die mense word nie moeg om in of na daardie werf te kom nie.'

In bg. voorbeeld gebruik die digter die woord lapa 'werf' in die eerste reël as s.nw. en in die eerste gedeelte van die tweede reël as werkwoord. Die twee gebruike is gelykluidend, maar die betekenis verskil geheel en al.

Vergelyk ook:

Ka re ke tla re mohla ke *boa *Leboa,

(F. J. R. Malebana : Sello sa lesogana)

'Dan sê ek ek sal sê as ek teruggaan na die Noorde.'

Soos in verse, kom woordspel in spreekwoorde voor. Die voorkoms daarvan is egter baie beperk.

Enkele voorbeelde van die tegniek van woordspel (aangedui met 'n asterisk) in spreekwoorde:

***Boradia bo ye bo *radie mong wa bjona.**

'Laat bedrog voortgaan en sy eienaar bedrieg.'

= As jy 'n ander in die moeilikheid wil laat beland, beland jyself daarin.

Mma *nteme o *ntemile, se *ntemolle o *ntemile.

'Die bederwer het my bederf; dié wat my nie bederf nie, het my ook bederf.'

= Dit is moeilik om ou gewoontes af te leer.

***Mphema-*sephuthana, o *fema se a se *phuthilego.**

'Beskermer van 'n bondeltjie, hy beskerm dit wat hyself 'n bondeltjie gemaak het.'

= 'n Man van 'n sekere beroep of ambag sal altyd sy eie beroep of ambag beskerm as ander dit slegmaak.

(As iemand 'n saak verdedig, is dit 'n teken dat hy self die daad gepleeg het of die saak tot stand gebring het. 'n Mens sal altyd sy eie handelwyse beskerm. As 'n persoon iets beskerm, het hy persoonlike belange daarby.)

***Moreo o tantše *morei.**

'Die vangkuil het die kuilgrawer gevang.'

= As jy 'n ander in die moeilikheid wil laat beland, beland jyself daarin.

(Wie 'n kuil (gat) vir 'n ander grawe, val self daarin.)

4.5 KOMBINASIES

Dikwels word verskeie kombinasies aangetref. Sintaktiese organisasie word meermale gekombineer met leksikale herhaling. In die moderne Noord-Sotho-poësie hang dit in baie gevalle saam met ander verstegnieke soos semantiese teenstelling of semantiese parallelisme en leksikale herhaling. Dieselfde geld vir spreekwoorde.

In die volgende vers dui die hoofletters op identiese herhaling en die kleinletters op grammatikaal verwante herhalings en die hoofletters op identiese herhaling:

A + a Motlapele ke mang, wena lee le nonyana,
 A + a Motlapele ke mang, wena peu le dimela?
 A + a Motlapele ke mang, wena leswika le mobu;
 (O. K. Matsepe : Mang ke mang)

'Wie kom eerste, jy, eier en die voëltjie
 Wie kom eerste, jy, saad en die plantjies?
 Wie kom eerste, jy, klip en grond;

a = wena + s.nw. + le + s.nw.

A = Motlapele ke mang

So word die sintaktiese organisasie gekombineer met leksikale herhaling in spreekwoorde soos die volgende (die hoofletters dui op identiese herhaling en die kleinletters op grammatikaal verwante herhalings):

^aGa se ^Aselo se se yago, ^ake ^Aselo se se tlogo.

'Dis nie 'n ding wat gaan nie, dis 'n ding wat kom.'

= Dis nie iets wat verbygaan nie, dit kan na iemand anders toe ook kom.

a = negatief/positief van die identifiserende kopulatief + s.nw. in klas 7 + 'n werkwoordelike relatiefomskrywing

A = selo se se + ww. -go

^aKgole ^Ago ya mahlo, ^akgaufši ^Ago ya dinao.

'Die oë gaan ver, die voete gaan naby.'

= Dikwels vind 'n mens dat jou oë jou bedrieg.

(Jy dink dat jy iets maklik sal kan doen of 'n distansie sal kan aflê, maar as jy eers met die taak begin, vind jy uit hoe moeilik dit is.)

a = lokatiewe s.nw. + go + ya + s.nw.

A = go ya

^aKgomo ^Ae rekwa serope, ^anku ^Ae rekwa mosela.

'n Bees word gekoop volgens die boud, 'n skaap word gekoop volgens die stert.'

= Die belangrikste saak by 'n bees is die boud; 'n skaap met goeie vleis word gesien aan die stert.

a = s.nw. in klas 9 + e rekwa + s.nw.

A = e rekwa

Ke swana ya mošate; ^awa ^Ae gapa o molato; ^awa ^Ae feta, o molato.

'Dis die swart koei van die hoofstad; jaag jy haar aan, oortree jy (is jy skuldig); gaan jy haar verby, oortree jy (is jy skuldig).'

= Hoofde wat jy nie tevrede kan stel nie.

(Dis 'n hooggeplaaste persoon en dis gevaarlik om iets van hom te sê.)

a = wa e + ww. + o molato

A = wa e, o molato

Dit kan ook gebeur dat semantiese ordening saamval met die grammatiese ordening soos in die volgende vers:

Ga ke ^abolaye ke a ^aphološa
 Ga ke ^blapiše ke a ^blapološa
 Ga ke ^cbefediše ke a ^cthabiša ...

(M. P. Madisha : Boroko)

'Ek maak nie dood nie; ek red
 Ek maak nie moeg nie; ek verkwik
 Ek maak nie kwaad nie; ek maak bly...'

Die herhaling van die patroon negatiewe ww. + positiewe ww. het grammatiese of sintaktiese parallelisme tot gevolg. Dis ook opmerklik dat vyf van die betrokke werkwoorde kousatiewe is en twee hiervan boonop inversief is. Semantiese teenstellings (aangedui deur a, b en c) word verder aangetref.

Die teenstellings **bošego** 'nag'/mosegare 'dag', **leswiswi** 'duisternis'/**seetša** 'lig' en **boso** 'swartheid'/**bošweu** 'witheid' word binne die grammatiese patroon:

s.nw. + le + s.nw.

in dieselfde versreël gebruik in die onderstaande versgedeelte, terwyl **bošego** 'nag'/**leswiswi** 'duisternis'/**boso** 'swartheid' en **mosegare** 'dag'/**seetša** 'lig'/**bošweu** 'witheid' binne hierdie selfde grammatiese patroon ook weer 'n semantiese parallelisme in verskillende versreëls vorm:

Aa^abošego le^a mosegare,
 Ab^bleswiswi le^b seetsša,
 Ac^cboso le^c bošweu.

(M. Bopapae en S. Ratlabala : Bobe)

'Nag en dag,
 duisternis en lig,
 swartheid en witheid.'

a - c = semantiese teenstellings

A = s.nw. + le + s.nw.

Die gebruik van semantiese teenstellings saam met sintaktiese parallelisme kom voor in die volgende spreekwoorde:

Aa^aBatho bale ke^b dilo, Aa^adilo tsela ke^b batho.

'Doerdie mense is dinge, doerdie dinge is mense.'

= Jy sien iemand voor die kop, maar nie in die krop
 nie.

a + b = semantiese teenstellings

A = s.nw. + demonstratief III + ke + s.nw.

Aa^aKgole go ya^b mahlo, Aa^akgaufši go ya^b dinao.

'Die oë gaan ver, die voete gaan naby.'

= Dikwels vind 'n mens dat jou oë jou bedrieg.

(Jy dink dat jy iets maklik sal kan doen of 'n
 distansie sal kan aflê, maar as jy eers met die
 taak begin, vind jy uit hoe moeilik dit is.)

a + b = semantiese teenstellings

A = lokatiewe s.nw. + go ya + s.nw.

A^aBa^a tšhaba o tšhabe^b; A^aba^a ema o^b eme.

'As hulle sê hulle vlug, moet jy vlug; as hulle
 staan, moet jy staan.'

= Wees eensgesind.

a + b = semantiese teenstellings

A = ba + ww. + o + ww.

^ABoya-^akgomo ke ^Abo-bowa-^amotho.

'Die heengaan van 'n bees is die terugkeer van 'n mens.'

= Ons gee beeste uit en ontvang 'n bruid daarvoor terug.

a = semantiese teenstellings

A = werkwoordelike nwe. (nomino-verbalia) saamgestel uit bo- + ww. + s.nw.

^AMo-na-^akhora ga a tsebe ^Amo-na-^atlala.

'Die man wat versadig is, ken nie die man wat honger is nie.'

= Rykes is nie bevriend met armes nie.

a = semantiese teenstellings

A = werkwoordelike nwe. saamgestel uit mo- + -na- +

s.nw.

4.6

Samevatting



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Die verskillende tipes herhalings het 'n wye voorkoms in Noord-Sotho-spreekwoorde. Die verstegniek leksikale herhaling word redelik algemeen in Noord-Sotho-spreekwoorde gebruik, soos in die geval van die moderne Noord-Sotho-poësie. Leksikale herhaling gekombineer met ander verstegnieke word in Noord-Sotho-spreekwoorde sowel as in die moderne Noord-Sotho-poësie meer algemeen gebruik as leksikale herhaling alleen. Soos in die werke van die bestudeerde digters, kom sintaktiese parallelisme dikwels in Noord-Sotho-spreekwoorde voor.

Die belangrikste semantiese tegniek waarvan gebruik gemaak word in die moderne poësie en in spreekwoorde, is semantiese teenstellings. Semantiese teenstellings het oor die algemeen 'n redelike hoër voorkoms in die moderne Noord-Sotho-poësie en Noord-Sotho-spreekwoorde as semantiese parallelismes. Die gebruik van semantiese tegnieke in die werke van die bestudeerde digters en in spreekwoorde is ook meer beperk as bv. die gebruik van sintaktiese- of leksikale herhaling.

Semantiese parallelisme en woordspel word beide in die moderne Noord-Sotho-poësie sowel as in Noord-Sotho-spreekwoorde aangetref. In die werke van die bestudeerde digters het die gebruik van semantiese parallelismes 'n meer beperkte voorkoms as wat die geval is met semantiese teenstellings. Dieselfde geld vir spreekwoorde. Verskeie kombinasies word ook aangetref bv. die sintaktiese organisasie kan gekombineer word met leksikale herhaling.

Uit die voorafgaande voorbeelde wil dit voorkom asof die meerderheid Noord-Sotho-spreekwoorde versmatig is en kenmerke soos leksikale herhaling, sintaktiese en semantiese parallelismes, semantiese teenstellings en in 'n mindere mate woordspel toon. Baie spreekwoorde in Noord-Sotho stem dus linguisties ooreen met verstaal. Dit blyk duidelik dat daar 'n verband tussen verse en sulke spreekwoorde bestaan. Bogenoemde is dus 'n tipe versvorm en is semi-poëties. Aangesien nie alle spreekwoorde versmatig is nie, vorm die spreekwoord egter nie 'n literêre genre nie.

HOOFSTUK 5: LINGUISTIESE ORGANISASIE VAN SPREEKWOORDE

5.1 INLEIDING

Spreekwoorde word meermale uitgeken aan die wyse waarop hulle linguisties georganiseer is, afgesien daarvan of die strukturelemente tipies is van spreekwoorde of nie, en afgesien daarvan of hulle versmatig is of nie. Die volgende vormkenmerke kan geïdentifiseer word:

5.2 ENKELVOUDIGE SINNE EN SAAMGESTELDE SINNE

Spreekwoorde kan uit enkele sinne bestaan nl. enkelvoudige of saamgestelde sinne.

5.2.1 Enkelvoudige sinne

Enkelvoudige sinne bestaan uit 'n enkele predikaat wat werkwoordelik of nie-werkwoordelik van aard kan wees. Werkwoordelike predikate kan 'n werkwoord met of sonder 'n voorwerp insluit bv.:

Bohlale bo šitile nonyana.

'Slimheid het die voëltjie baasgeraak.'

= Slim het sy baas gevang.

(Wie nie sterk is nie, moet slim wees.)

Bogadi ga bo hlalelwe.

'n Bruidskat word nie geskei nie.'

= Nadat die bruidskat oorhandig is, mag die vrou nie van haar man skei nie; dis 'n onherroeplike ooreenkoms.

Bjalwa bo tagile moapei.

'Die bier het die kok (brouer) dronkgemaak.'

= Die daad het die eienaar in die moeilikheid beland.

(Slim het sy baas gevang.)

Nie-werkwoordelike predikate is kopulatief van aard bv.:

Bo-ya kgomo ke bo-boa motho.

'Die heengaanplek van 'n bees is die terugkeerplek van 'n mens.'

= Ons gee beeste uit en ontvang 'n bruid daarvoor terug.

Batho ke meriti ya diphao.

'Mense is skaduwees van houtpale.'

= Mense is veranderlik soos die skaduwees van houtpale wat beweeg soos die son beweeg.

(Hy is 'n verkleurmannelietjie.)

Batšwa babedi ke letšema.

'Twee uitganers is 'n skoffelparty (georganiseerde werkgroep).'

= Twee koppe is beter as een.

(Eendrag maak mag.)

Nkabe ke ngwana wa morago.

'"Het-ek-maar" is die agternakind.'

= Spyt is 'n goeie ding, maar dit kom altyd te laat.

5.2.2 Saamgestelde sinne

'n Saamgestelde sin is 'n sin wat saamgestel is uit meer as een hoofsin of 'n hoofsin en een of meer bysinne. Op hierdie grondslag kan saamgestelde sinne onderverdeel word in newegeskikte en ondergeskikte sinne.

5.2.2.1 Newegesikike saamgestelde sinne

Newegesikike sinne kan onderverdeel word in:

- (a) n stelsin + stelsin
- (b) n imperatiefsin (positief of negatief) gevolg deur 'n verduideliking of toeligting in vraagsin of stelsin. Die vraagsin of stelsin kan ook positief of negatief wees.
- (c) n kopulatief en n stelsin wat toeliggend van aard is.

(a) Stelsin + stelsin

Bo-mma ba tlile, tlala e nyele.

'Moeder-hulle het gekom, die hongerte het verdwyn.'

= Wanneer 'n nuwe bruid aankom, sal sy kos maak vir die hele gesin.

Bahu ga se bafedi; bašala ba sa le gona.

'Gestorwenes is nie die laastes (beëindigers) nie; agterblywendes is nog daar.'

= Niemand is onmisbaar nie. As iemand sterf of weggaan, sal daar iemand gevind word om sy plek te vul.

Kgori e bona mae, moutla ga e o bone.

'Die gompou sien die eiers; die wip sien hy nie.'

= Moenie net jou doelwit voor oë hou nie, maar sien ook die gevare of moeilikhede raak.

Batho bale ke dilo, dilo tšela ke batho.

'Dáárdie mense is dinge; dáárdie dinge is mense.'

= Moenie iemand op sy baadjie takseer nie.

(Jy sien iemand voor die kop, maar nie in die krop nie.)

Batho ba timana dijo, ditaba ga di tingwanwe.

'Mense snoep (vir) mekaar kos; sake word nie (vir) mekaar gesnoep nie.'

= Alhoewel mense voedsel van mekaar mag weerhou, behoort hulle gebeurtenisse en sake aan mekaar mee te deel.

Phuti etšwa ditloong! Go tšwa ka madi, ga go a loka.

'Duiker, kom uit die grondboontjies uit! Om met bloed uit te gaan, is nie goed nie.'

= Onttrek jou vroegtydig aan sake waar jy, as jy dalk langer bly, duur kan betaal.

(Vlug is 'n goeie ding, maar doen dit betyds.)

- (b) Imperatief + vraagsin (aangedui deur 1 en 2 onderskeidelik)

¹Amogelang moeti mo-tla-pele; ²mo-tla-morago o tla a swere eng?

'Ontvang (onthaal) die reisiger wat eerste kom; die een wat later kom, wat het (besit) hy?'

= Maak van jou eerste geleenthede gebruik.

(Moenie wag vir later, terwyl jy al jou kanse laat verbyglip nie.)

Imperatief + stelsin(ne) (aangedui deur 1, 2 en 3 onderskeidelik)

¹Aparela moeng kobo; ²mo-tla-le-kgomo ga a tsebje.

'Trek mooi klere aan vir die gas; hy wat met 'n bees kom, is onbekend.'

= Moenie jou gaste sleg behandel nie, want jy weet nooit watter goéd later aan jou gedoen word nie.

(Werp jou brood op die water en na baie dae sal jy dit terugvind.)

¹O se bone mpša go tswala lesome; ²lesome la mpša le hlola modiilo.

'Moenie kyk na die hond wat tien kleintjies het nie; die tien kleintjies van die hond skeep behoeftes (moeilikhede).'

= Baie besittings bring baie kommer.

(Hoe groter die rykdom, besittings of kinders, hoe groter die verantwoordelikheid.)

¹O se bone thola boreledi; ²teng ga yona go a baba.

'Moenie kyk na die gladheid (blinkheid) van die bitterappel nie; die binnekant daarvan is bitter (sleg).'

= Moet hom nie vertrou nie.

('n Wolf in skaapsklere.)

¹Kodumela mo-epa-thutse; ²ga go lehumo le le tšwang kgaufši.

'Grawe dieper, graver van bobbejaanstert; daar is geen rykdom wat naby vandaan kom nie.'

= As jy ryk wil word, moet jy gewillig wees om hard te werk en te sweet.

(In die sweet van jou aangesig, sal jy jou brood eet.)

In die onderstaande spreekwoord, is daar twee toeliggende sinne:

¹Eya o dule ngaka, ²o matepe ³diepamere ga di fele.

'Gaan sit maar toordokter, jy is nukkerig, die grawers van medisyne (d.i. toordokters) raak nie klaar nie (d.i. daar is baie van hulle).'

= 'n Persoon is onbehelpsaam, maar vind uit hy is nie onmisbaar nie, want daar is nog ander helpers.

(c) n Kopulatief en n stelsin wat toeligkend van aard is

n Kopulatiewe bewering kan deur n verklarende bewering gevolg word. Ons het hier te doen met n kopulatief gevolg deur n sin met n werkwoord. Die kopulatiefsin en stelsin wat toeligkend van aard is, word in die volgende gevalle deur 1 en 2 onderskeidelik aangedui:

¹Batho ke dintši; ²ba gokwa ke dijo.

'Mense is vlieë; hulle word aangelok deur kos.'

= Waar daar kos, buit of voordeel is, daarheen stroom die mense (fortuinsoekers).

(Waar daar n aantal mense bymekaar is, is iets aan die gang wat hulle aanlok.)

¹Dilo ke meriti ya diphao; ²di a sokologa.

'Goedere (besittings) is die skaduwees van pale; hulle keer terug.'

= Besittings of rykdomme is nie blywend nie.

¹Mmapatši ke phokwana; ²o re: "Mee mee!".

'n Handelaar is n jong bokrammetjie; hy sê: "Mê, mê!"'

= As handelaar nie sy mond gebruik in sy handel nie, sal hy nie goeie besigheid doen nie.

(As n mens jou doel wil bereik, moet jy praat.)

¹Pelo ke putšane; ²e a golegwa.

'Die hart is n klein bokkie; hy word vasgemaak.'

= Die hart moet bedwing word in sy begeertes.

¹Banna ke mekowe; ²ba a latelana.

'Mans is kwêvoëls; hulle volg mekaar.'

= Die een volg die voorbeeld van die ander.

(Eendrag maak mag.)

¹Batho ke bo-ma-ora-o-tuka; ²wa tima, ba a tloga.

'Mense is warmmakers as die vuur brand; as dit doodgaan, gaan hulle weg.'

= As jy vir mense tot voordeel is, is hulle met jou bevriend, maar as hulle geen voordeel uit jou kan trek nie, verlaat hulle jou.

¹Mantsu ke dibatana; ²ga a tšwe ka moka.

'Woorde is ongediertetjies; hulle kom nie almal uit (die gate) nie.'

= Moenie te veel praat nie, maar hou party sêgoed vir later.

(Swye is goud werd.)

¹Monna ke nku; ²o llela teng.

'n Man is 'n skaap; hy huil na binne.'

= 'n Mens moenie jou moeilikhede aan almal vertel nie, maar dit in stilte dra.

('n Mens moet sy moeilikhede self kan dra.)

¹Monna ke selepe; ²o lala a adimilwe.

'n Man is 'n byl; hy slaap, terwyl hy uitgeleen is.'

= As jy iemand wil vra om jou te help, moet jy dit die vorige dag doen, want elke mens maak sy eie planne.

¹Mosadi ke tšhwene; ²o jewa (ke) mabogo.

'n Vrou is 'n bobbejaan; sy word geëet deur die hande.'

= 'n Flukse vrou.

('n Dienende Martha.)

5.2.2.2 Ondergeskikte saamgestelde sinne

Hieronder verstaan ons spreekwoorde wat saamgestel is uit 'n hoofsin en 'n afhanklike bysin. So 'n afhanklike bysin kan in die situatief (partisipialis), subjunktief, konsektief, habitualis of kondisionalis wees. Ingelyfde bysinne, soos relatiewe omskrywings en infinitiewe word nie hierby ingesluit nie. Vergelyk die volgende voorbeelde waarin die hoofsin as 1 en die bysin(ne) as 2 (en 3) aangedui word:

Bagwera ba gago, ²ge ba sela moetšana, ¹le wena o sele.

'Jou vriende, as hulle die vleitjie oorsteek, moet jy ook oorsteek.'

= Wees getrou aan jou vriende.

(Moenie stroom-op wees nie.)

²Ya se rage, ¹e tla tlatša kgamelo.

'As sy (die koei) nie skop nie, sal sy die emmer vol maak (met melk).'

= As is verbrande hout.

²Tau tša hloka seboka, ¹di šitwa ke nare e hlotša.

'As leeus nie in 'n groep is nie, sal hulle gewen word deur 'n kreupel buffel.'

= Baie hande maak ligte werk.

(Eendrag maak mag.)

²Pudi ya fata, ¹e a lala.

'As die bok grawe, gaan lê hy.'

= Elkeen moet probeer om vir hom 'n "lêplek" (goeie woonplek en werk) voor te berei.

(Elkeen moet vir homself sorg.)

Nyoba, ¹re šala re sotla, bose ²e le kgale ³bo fedile.

'Soetriet hou ons nog aan kou, terwyl die lekker daarvan lank reeds gedaan is.'

= Oor 'n aangename saak bly 'n mens nog lank praat of dink nadat dit reeds verby is.

Pinyana ²ge e re: "Ping", ¹e kwile ping tše dikgolo.

'Die spreekwoord, as hy sê: "Pieng", het hy die groot spreekwoord gehoor.'

= Die kind sien of hoor iets by die ouers of grootmense.

(Aartjie na sy vaartjie.)


¹Se bone mofofi, ²wa re ke moagi.

'Moenie die vlieër sien en dink hy is 'n bouer nie.'

= Moenie dink dat spoggerige mense altyd ryk mense is nie.

(Dis nie alles goud wat blink nie.)

Motho ²ge a ehwa, ¹ga a re: "Batho ehwang, le fele".

'n Mens, as hy sterf, sê hy nie: "Mense, gaan julle almal dood en hou op om te bestaan nie"'.


= As 'n mens in die moeilikheid beland, moet jy nie ander wat onskuldig is, ook daarin wil sleep nie.

(As jy uitgevind word, moet jy nie jou ander maats ook verklap nie.)

5.2.2.3 Newegeskikte saamgestelde sinne waarvan die eerste 'n afhanklike bysin insluit

Die afhanklike bysin word aangedui deur 2.

¹Hlaba pitsi ²o hlabe hlogo; ³o se ke wa senya moetse wa ngaka.

'As jy 'n perd doodmaak, steek hom in die kop; moenie die maanhare van die dokter beskadig nie.'

= As jy iemand moet straf, doen dit matig; moenie onregverdig en barbaars wees nie.

¹A ba tswalwe, ²ba ate, ³mo-na-le-pelo ga a tsebje.

'Laat hulle gebore word en vermenigvuldig; hy wat 'n hart het, is onbekend.'

= Laat almal kom, want ons weet nie wie dalk die oplossing van die saak sal vind nie.

(Moenie iemand geringskat nie; almal is welkom.

Meer kinders moet gebore word; dalk sal een van hulle 'n sagte hart hê om vir die ouers te sorg.)

¹E re go tloga monoko, ²o laele; ³pele go a befa, ⁴morago maboela.

'As jy weggaan van die harpuisboom, moet jy afskeid neem; vorentoe is dit sleg; agter (is) terugkeerplek.'

= Moenie in kwaai-vriendskap weggaan nie.

(Moenie sê: "Fonteintjie, ek sal nooit weer uit jou drink nie.")

¹Komana dula ²o bapilwe, ³mohla wa mpe ga o tsebje.

'Wapen, bly gereed; die tyd van moeilikheid is nie bekend nie.'

= 'n Mens moet altyd gereed of op jou hoede wees vir enige gebeurlikheid.

¹Mong-dikgomo ithute molodi, ²o etše ³mohla badiša ba ngadile.

'Beeseienaar, leer jouself om te fluit, sodat jy nadoen die dag as die wagters gestaak het.'

= 'n Mens moet sorg dat jy onafhanklik is.

5.3

VOKATIEWE

Noord-Sotho-spreekwoorde bevat dikwels vokatiëwe of aanspreekvorme. Dit geskied gewoonlik aan die begin van die spreekwoord en word aangedui met 'n asterisk bv.:

***Mofiwa, efa ba bangwe; le bona ba go file ba di rata.**

'Ontvanger, gee vir andere; ook hulle het vir jou gegee, terwyl hulle daarvan hou.'

= Die een vir wie gegee word, moet ook aan ander meedeel.

(Meet met dieselfde maat waarmee jy gemeet word.)

***Mohudugi, thakga lešopi.**

'Trekker, versier die bouval.'

= Neem op 'n goeie manier afskeid van die omgewing waarvandaan jy wegtrek, want jy weet nie wanneer jy weer moet terugkeer nie.

(Moenie sê: "Fonteintjie, ek sal nooit weer uit jou drink nie.")

***Mong-dikgomo ithute molodi; o etše mohla badiša ba ngadile.**

'Beeseienaar, leer jouself om te fluit, sodat jy nadoen die dag as die wagtters gestaak het.'

= 'n Mens moet sorg dat jy onafhanklik is.

***Noka, tlala o fete, batho ba sele.**

'Rivier, word vol en gaan verby dat die mense deurkom.'

= Iemand wat met 'n wrok rondloop en nie die saak uitpraat nie.

(Praat jou uit en kry klaar, dat 'n mens weer saam met jou kan lewe. Doen wat jy wil doen, dat dit verby kan kom.)

***Sehuba, etšwa molomong; ditaba di pala ka wena.**

'Bors, kom uit by die mond; die sake word deur jou belemmer.'

= Die geheime van die hart moet uitgespreek word, want sonder die geheime (bv. getuienis) wat verberg word, kan die saak nie vorder nie.

*Phuti etšwa ditloong! Go tšwa ka madi, ga go a loka.

'Duiker, kom uit die grondboontjies uit! Om met bloed uit te gaan, is nie goed nie.'

= Onttrek jou vroegtydig aan sake waar jy, as jy dalk langer bly, duur kan betaal.

(Vlug is 'n goeie ding, maar doen dit betyds.)

Soms word vokatiewe na die werkwoord aangetref, soos in die volgende geval:

Kodumela *mo-epa-thutse, ga go lehumo le le tšwago kgaufši.

'Grawe dieper, graver van die bobbejaanstert; daar is geen rykdom wat naby vandaan kom nie.

= As jy ryk wil word, moet jy gewillig wees om hard te werk en te sweet.

(In die sweet van jou aangesig, sal jy jou brood eet.)

5.4

KONTRAS



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Kontras of semantiese teenstelling volgens Kock (1982:52) kom neer op die gebruik van woorde, woordgroepe of uitdrukkings in dieselfde of verskillende versreëls waarvan die betekenis 'n teenstelling vorm. Soos in die poësie, kom kontras of semantiese teenstelling in Noord-Sotho-spreekwoorde voor. Die kontras kan tussen die verskillende onderwerpe, voorwerpe, predikate en deskriptiewe bepalings wees, bv. die een onderwerpsnaamwoord in die een stelling word vergelyk met 'n ander onderwerpsnaamwoord in die tweede stelling. Dieselfde gebeur met voorwerpsnaamwoorde, predikate (werkwoordelik en nie-werkwoordelik) en deskriptiewe bepalings.

Die gedig Boroko van M. P. Madisha, soos aangehaal uit Kock (1982:54), illustreer kontras en word aangedui deur 1a, 1b, 2a, 2b, 3a en 3b:

Ga ke ^{1a}bolaye ke a ^{1b}phološa.
 Ga ke ^{2a}lapiše ke a ^{2b}lapološa.
 Ga ke ^{3a}befediše ke a ^{3b}thabiša ...

(M.P. Madisha : Boroko)

Ek maak nie ^{1a}dood nie; ek ^{1b}red.
 Ek maak nie ^{2a}moeg nie; ek ^{2b}verkwik.
 Ek maak nie ^{3a}kwaad nie; ek ^{3b}maak bly ...

In Noord-Sotho-spreekwoorde word teenstellings (aangedui deur 1 en 2) aangetref. Binne dieselfde spreekwoord kan positiewe en negatiewe predikate teenoor mekaar gestel word soos in die volgende gevalle:

Mabogo a mantši ¹ke rata tirong; dikgobeng ²ga ke a rate.

'Baie hande hou ek van by die werk; by die gekookte graan hou ek nie van hulle nie.'

= 'n Mens is bly oor hulp wat hy ontvang, maar van gaste wat net eet, hou hy nie van nie.

('n Mens hou van baie werkers, maar nie van baie eters nie.)

Mogo wa fetwa ke bo-rotwe, ¹ga se mogo, ²ke mma-bane.

'As 'n wildevy deur 'n bobbejaan verbygegaan word, is dit nie 'n wildevy nie, dis 'n suring.'

= Dit sal nooit gebeur dat hy so iets sal laat staan nie.

¹Ga se se yago, ²ke se se tlogo.

'Dis nie iets wat gaan nie, dis iets wat kom.'

= Dis nie iets wat verbygaan nie, dit kan na iemand anders toe ook kom.

(Wat by hom in die huis is, staan vir ons voor die deur.)

Kontrasterende onderwerpe, voorwerpe en deskriptiewe bepalings (aangedui deur 1a, 1b, 2a en 2b):

^{1a}Kgole go ya ^{2a}mahlo, ^{1b}kgaufši go ya ^{2b}dinao.

'Die oë gaan ver, die voete gaan naby.'

= Dikwels vind 'n mens dat jou oë jou bedrieg.

(Jy dink dat jy iets maklik sal kan doen of 'n distansie sal kan aflê, maar as jy eers met die taak begin, vind jy uit hoe moeilik dit is.)

^{1a}Kgomo e swarwa ka ^{1b}dinaka, ^{2a}motho o swarwa ka ^{2b}leleme.

'n Bees word by die horings gevang, 'n mens word met die tong gevang.'

= Uit 'n mens se eie woorde word sy skuld bewys.

5.5 KLANKNABOOTSING

Klanknabootsing word ook dikwels in Noord-Sotho-spreekwoorde aangetref, soos in die volgende gevalle (aangedui met 'n asterisk):

Kgogwana ye e hlobjago e re: *"Tsio-tsio!"

'Die kuikentjie (hoendertjie) wat gepluk word, skreeu: "Tsio-tsio!"'

= As 'n kind verontreg word, sal hy skreeu.

(As iemand kla, is daar 'n rede daarvoor.)

Mmapatši ke phokwana, o re: *"Mee mee!"

'n Handelaar is 'n jong bokrammetjie, hy sê: "Mê mê!"'

= As 'n handelaar nie sy mond gebruik in sy handel nie, sal hy nie goeie besigheid doen nie.

(As 'n mens jou doel wil bereik, moet jy praat.)

Pinyana ge e re: "Ping", e kwile ping tše dikgolo.

'Die spreetjie, as hy sê: "Pieng", het hy die groot spreekwoord gehoor.'

= Die kind sien of hoor iets by die ouers of grootmense.

(Aartjie na sy vaartjie.)

5.6

SAMEVATTING

'n Aantal vormkenmerke is in hierdie hoofstuk geïdentifiseer. Daar is onderskei tussen enkelvoudige sinne wat bestaan uit 'n enkele predikaat wat werkwoordelik of nie-werkwoordelik van aard kan wees en tussen saamgestelde sinne d.w.s. 'n sin wat saamgestel is uit meer as een hoofsin of 'n hoofsin en een of meer bysinne. Saamgestelde sinne is onderverdeel in newegeskikte en ondergeskikte sinne. 'n Verdere verdeling van newegeskikte sinne is gemaak. So is bv. 'n kopulatief en 'n stelsin wat toeligtend van aard is, aangetref. Daar is bevind dat vokatiëe dikwels aan die begin van spreekwoorde voorkom. Kontraste (teenstellings) t.o.v. positiewe en negatiewe predikate, onderwerpe, voorwerpe en deskriptiewe bepalinge is kortliks toegelig. Daar is ook verwys na klanknabootsing in spreekwoorde.

HOOFSTUK 6 : KLASSIFIKASIE VAN SPREEKWOORDE

6.1 INLEIDING

Spreekwoorde kan op verskillende maniere opgeteken en geklassifiseer word. Ons kan onself afvra watter metodes daar is waarvolgens spreekwoorde geklassifiseer is/word en of sulke klassifikasies voldoende is of aangepas en gewysig moet word. Met watter oogmerke moet spreekwoorde ingedeel word?

Spreekwoorde moet só geklassifiseer word dat die belangstellende individu h spreekwoord maklik kan opspoor. Saam met die spreekwoord, behoort die vertaling sowel as die betekenis opgeteken te wees. Bezuidenhout (1981:159) meen egter dit alleen is onvoldoende, aangesien sommige spreekwoorde in afsonderlike situasies verskillende betekenis het. Hierdie verskeidenheid moet sover moontlik ook aangeteken word.

Daar bestaan h dringende behoefte aan h sistematiese klassifikasie van spreekwoorde, soos blyk uit h opmerking van Bezuidenhout (1981:159) nl. dat elke voorbeeld van h spreekwoord voor die einde van hierdie eeu in h rekenaarstelsel vasgelê behoort te wees vir doeltreffende en flinke gebruik. Derhalwe moet daar na die bes moontlike klassifikasiesisteen gesoek word.

Dit wil voorkom asof daar nie h klaarblyklike, inherente prinsipe in spreekwoorde is, waarvolgens hulle ingedeel kan word nie bv. soos spesies by plante en diere, wat in genera, families en ordes, gegroepeer kan word. Dit impliseer dat h kriterium van buite af, wat nie inherent in spreekwoorde teenwoordig is nie, toegepas word. Vervolgens word h aantal indelings kortliks toegelig.

6.2 NUMERIESE KLASSIFIKASIE

Die Numeriese klassifikasie is die maklikste uitweg. Hiervolgens word spreekwoorde na willekeur in chronologiese volgorde genommer. Wanneer spreekwoorde numeries opgeteken word, is daar eintlik geen sprake van 'n klassifikasiesistiem nie, aangesien geen ware indelingsprinsipe hier na vore tree nie. Vgl. Bezuidenhout (1981:160). Hy meen grammatikale handboeke is dikwels vir hierdie swak aanbieding verantwoordelik. 'n Voorbeeld hiervan word in Junior Sepedi van Grobbelaar (1963) aangetref.

6.3 ALFABETIESE KLASSIFIKASIE

Die Klassifisering van Noord-Sotho-spreekwoorde kan ook geskied op 'n alfabetiese grondslag d.w.s. alfabeties volgens naamwoorde of werkwoorde. Indien 'n alfabetiese indeling volgens 'n trefwoordmaatstaf bedoel is om naslaanwerk te vergemaklik, sou so 'n indeling die doeltreffendste wees.

6.3.1 Alfabeties volgens naamwoorde

Spreekwoorde word alfabeties geklassifiseer volgens die eerste naamwoorde wat daarin voorkom. Rakoma (1978) en Erasmus (s.j.) volg in 'n mate hierdie tipe indeling.

So word die spreekwoord:

Lerumo le tee ga le bolaye kgomo.

'Een assegaai maak nie 'n bees dood nie.'

= Een mens kry min uitgerig (uitgevoer).

(Een swaeltjie maak nie 'n somer nie.)

geplaas voor:

Lešabašaba go fatiwa la monola.

'Sand word gegrawe dit wat nat is.'

Grawe in die nat sand; dalk sal jy water vind.

= Wees bevriend met mense wat besittings het en miskien sal dit dan tot jou voordeel wees.

(Gee jou aandag aan belowende dinge.)

Soms word 'n variant van die alfabetiese benadering aangetref. Bezuidenhout (1981:163) noem dat só 'n klassifikasie van spreekwoorde geskied na aanleiding van die leidende of prominentste naamwoord wat die kern van die boodskap dra. Daarna word ook dikwels verwys as die saak of die inhoud van die spreekwoord. Probleme wat hier ontstaan, is om te bepaal watter naamwoord die leidende of kernwoord in die betrokke spreekwoord is. Bezuidenhout (1981:164) haal die volgende voorbeelde aan in hierdie verband:

¹Maoto a ²kgobe ke ³meetse.

'Die voete (bene) van 'n vis is die water.'

= 'n Mens is op sy beste as hy volgens sy gewoonte kan handel.

¹Batho ke ²meriti ya ³diphao.

'Mense is die skaduwees van draadheinings/pale.'

= Mense is veranderlik soos die skaduwees van pale wat beweeg soos die son beweeg.

¹Batho bale ke ²dilo, ³dilo tšela ke ⁴batho.

'Doerdie mense is dinge, doerdie goedere is mense.'

= Moenie iemand op sy baadjie takseer nie.

Bogenoemde voorbeelde het drie en meer naamwoorde, aangedui. Enige woord kan dus as leidende woord uit die voorbeelde geneem word.

6.3.2 Alfabeties volgens werkwoorde

h Alfabetiese indeling van Noord-Sotho-spreekwoorde kan ook werkwoorde neem as uitgangspunt. Ook hier ontstaan probleme bv.:

Kgole go iwa ke pelo.

'Daar word ver gegaan deur die hart.'

= As die hart wil, kan daar baie verrig word.

(Waar h wil is, is h weg.)

Die werkwoord **go ya** is deur h passiewe suffiks **-iw-** tot **go iwa** verander. Watter werkwoordvorm moet gebruik word: die basiese of die afgeleide een? Vgl. Bezuidenhout (1981:165).

Vgl. ook:

Magoro ge¹ a sa bapane^{2a} tšhaba³ go segana.

'Familiekringe wat nie naby mekaar (verwant) is nie, vrees om vir mekaar te lag.'

= As mense nie verwante of goeie bekendes is nie, kan hulle nie intiem met mekaar wees of met mekaar skerts nie.

Ons kan onself afvra watter werkwoord die prominentste is, aangesien drie werkwoorde (gemerk 1, 2 en 3) hierin voorkom. Gaan dit oor **-bapa(na)**, **-tšhaba** of **-sega(na)**?

Dit wil voorkom asof h alfabetiese sisteem volgens die naamwoord of werkwoord in die spreekwoord wel dien as h bruikbare naslaantegniek, maar tog ook praktiese probleme oplewer. Bezuidenhout (1981:177) stel h alfabetiese indeling voor volgens alle klanke van die hele sin/spreekwoord, indien nodig. Vir hom is h alfabetiese klassifikasie volgens die spreekwoord as geheel die mees praktiese en bruikbaarste metode. Volgens hom moet die spreekwoord volkome alfabeties geklassifiseer word. Rakoma (1978) en Erasmus (s.j.) het hierdie metode effektief benut.

Rakoma (1978) sê ook van sy indeling die volgende:

Diema tse mo pukwaneng ye di beakantswe ka ... go botlhamo bja tsona go tloga "A" go fihla ka "W"; ke gore diema tshle tseo di thomago ka "a" ..., di wela ka lesakeng la sehlopha sa A ...

Voorbeelde wat Erasmus (s.j.) se metode illustreer:

Se laele pele o yago, laela morago o tšwago.

'Moenie beveel voor jy gaan nie, beveel na jy uitgekom het.'

(Verklaring onbekend.)

Bogenoemde spreekwoord met die morfeem **se** en die /l/ van **laele** veroorsaak dat dié spreekwoord voor die volgende spreekwoord geplaas word:

Seepe sa re: "Kge", se remile.

'As die byl sê: "Kgê", het dit gekap.'

= As die kaptein gepraat het, is dit finaal.

6.4 **KLASSIFIKASIE VOLGENS INHOUD**

Spreekwoorde kan ook geklassifiseer word na aanleiding van hulle inhoud.

Dierks (1972) klassifiseer spreekwoorde in Tswana inhoudelik. Onder "inhoud" verstaan hy die bewoording, betekenis en toepassing van die spreekwoord. Die Tswana-spreekwoord dek 'n wye veld ten opsigte van voorwerpe en gedagtes o.a. huisdiere, medisyne en godsdiens. Nie-teenstaande hierdie veelvuldigheid, hou almal vir Dierks (1972:29) verband met die mens as middelpunt. In sy klassifikasie het hy gepoog om soveel moontlike aspekte van die Tswana se lewe en aktiwiteite wat in spreekwoorde

voorkom, in ag te neem. Aangesien die betekenis van die Tswana-spreekwoord, met enkele uitsonderings, met die mens te doen het, kom die mens voor in alle opskrifte van die ses hoofgroepe waarin Dierks (1972:31) die spreekwoorde verdeel het, nl.:

1. Algemene aspekte van die menslike lewe.
2. Die mens in die samelewing.
3. Die mens en sy tekortkominge en oortredinge.
4. Die mens en sy regspleging.
5. Die mens en sy werk en ekonomie.
6. Die mens en die bo-natuurlike.

So het die hoofgroep: Algemene aspekte van die menslike lewe o.a. te doen met die vreugdes en smarte asook die mens se bepeinsinge en sy gesindheid teenoor die lewe bv.:

Khumo matlhare, e a tlhotlhorega.

'Rykdom is blare, dit val af.'

= Rykdom is nie noodwendig permanent nie.

Spreekwoorde wat handel oor die mens in die samelewing, verwys na daardie sterk samehorigheidsgevoel tussen lede van die Tswanagemeenskap voordat die proses van akkulturasie plaasgevind het. Spreekwoorde wat in hierdie kategorie val, verwys na onderlinge hulp binne 'n gemeenskap, die mens binne 'n sosiale orde, kapteinskap, verwantskap, die verhouding tussen 'n man en vrou, verhoudinge tussen ouers en kinders asook optredes teenoor gaste, vreemdelinge en reisigers bv.:

Manong a ja ka ditshika.

'Aasvoëls vreet saam in families.'

= Binne die verwantskap, moet daar toegesien word dat almal versorg word, veral die kinders, swakkes en oues van dae, want almal is vir mekaar verantwoordelik en niemand mag selfsugtig net vir homself sorg nie.

Die laaste kategorie nl. die mens en die bo-natuurlike betrek aspekte soos ongeluk, geluk en toeval, voortekens en voorgevoel, onpersoonlike bo-natuurlike kragte asook die wese en handelswyse van God bv.:

Ga Modimo ga go itsiwe.

'Die verblyfplek van God is onbekend.'

= Die mens kan God nie begryp nie; Sy handeling is ondeurgrondelik.

Dierks (1972:31) se hoofgroepe is in subgroepe onderverdeel om spreekwoorde wat sekere ooreenkomste toon, saam te groepeer. Hy hou egter nog in die oog dat die verskeie aspekte van die menslike kultuur onderling saamhang en 'n funksionele geheel vorm. Elke indeling van spreekwoorde is vir hom dus noodwendig in 'n sekere mate kunsmatig, aangesien oorvleueling van groepe dikwels plaasvind en sommige spreekwoorde in meer as een groep kan inpas. Sy indeling dra nogtans daartoe by om 'n oorsig te verkry oor die gebiede wat deur die spreekwoorde gedek word.

Bezuidenhout (1981:168-169) maak 'n verdere indeling na aanleiding van Dierks (1972) se klassifikasie wat o.a. die volgende aspekte behels:

Personale invloed

Menslike gebruike

Menslike tuistes

Menslike verhoudinge

Menslike gedrag

Menslike emosies

Gesinslewe

Elkeen van bg. afdelings onderverdeel hy verder. Indien menslike emosies as subhoof geneem word, vind ons dat dié weer in 'n groot hoeveelheid afdelings ingedeel kan word. Die onderafdelings kan volgens Bezuidenhout (1981:169) soos volg daar uitsien:

liefde en haat
vriendskap en vyandskap
vreugde en smart
gerustheid en kommer

Hierdie verdeling is nie uitgeput nie. Indien hierdie metode gevolg word, meen Bezuidenhout (1981:169) sal dit beslis tot oorvleueling lei.

Guma (1967:65) het ook 'n inhoudelike indeling van spreekwoorde gemaak o.a. spreekwoorde wat te doen het met die fisiese omgewing (bv. plante en diere), verhoudinge tussen die gesinslede, verhoudinge tussen die kaptein en sy stam.

Bezuidenhout, Dierks en Guma se uitgangspunt t.o.v. hulle inhoudelike klassifikasies stem ooreen, maar hulle indelings onderling verskil in verskeie opsigte. Ons lei dus daaruit af dat so 'n inhoudelike klassifikasie willekeurig kan geskied. Elke skrywer kies dit wat vir hom die prominentste voorkom. Derhalwe vind oorvleueling plaas.

6.5 **KLASSIFIKASIE VOLGENS TOEPASSING**

Spreekwoorde kan ook geklassifiseer word volgens toepassing, bv.:

6.5.1 **Spreekwoorde wat betrekking het op die verlede, die hede en die toekoms**

Inhoudelik kan spreekwoorde bv. betrekking hê op die verlede, die hede en die toekoms. Vgl. Grobler (1978:21, 33). Elkeen van bg. eienskappe regverdig op sigself 'n af-

sonderlike studie. Dan kan afleidings gemaak word wat 'n volledige beeld van elke spreekwoord, met al sy moontlikhede, aan ons kan toon, d.w.s. 'n sekere groep spreekwoorde kan slegs van toepassing gemaak word op sake uit die verlede. Ander weer kan slegs betrekking hê op die hede en 'n derde groep slegs op die toekoms. Vgl. Bezuidenhout (1981:170). Eers wanneer aan al hierdie aspekte van klassifikasie breedvoerig aandag gegee is, sal 'n kundige werklik in staat wees om hierdie besondere werkswyse tot sy reg te laat kom.

Ten spyte van die vaste vorme van spreekwoorde, kan dit deur woordgebruik, in 'n paragraaf gewysig word om die verlede, die hede of die toekoms uit te druk. Bezuidenhout (1981:171) haal die volgende voorbeeld aan:

Kgole go iwa ke pelo.

'Daar word ver gegaan deur die hart.'

= Waar 'n wil is, is 'n weg.

Verlede: Daar word nou deur die spreekwoord verwys na 'n persoon wat in die verlede 'n bo-menslike prestasie behaal het.

Hede: Die spreker kan bv. langs die sportveld na 'n derde persoon verwys wat besig is met 'n mooi prestasie.

Toekoms: Voor die wedloop begin, kan een persoon verwys na die bykans onmoontlike aanslag wat gemaak gaan word op 'n bestaande rekord. Iemand anders kan hom d.m.v. hierdie spreekwoord terugantwoord.

Bezuidenhout (1981:171) is nie ten gunste van so 'n klassifikasiemetode nie, aangesien dit die spreekwoord losmaak van die situasie waarin dit gebruik word. 'n Spreekwoord moet dus volgens hom beoordeel word in die konteks waarin dit gebruik is/word.

6.5.2 Spreekwoorde met 'n positiewe en/of negatiewe aanwending

Bezuidenhout (1981:172-177) en Grobler (1978:24) wys op die positiewe en negatiewe aanwending van spreekwoorde. Grobler (1978:24) benader Noord-Sotho-spreekwoorde vanuit hulle praktiese gebruikssituasies en klassifiseer hulle dan ook in terme van hulle gebruik. Sy klassifikasiesisteem is gebaseer op positiewe en negatiewe spreekwoorde met onderafdelings van monopolêre- (spreekwoorde met slegs 'n positiewe of 'n negatiewe betekenis) en bipolarêre spreekwoorde (spreekwoorde met beide 'n positiewe en 'n negatiewe betekenis).

Grobler (1979:9) wys daarop dat die Noord-Sotho-spreker self onderskei tussen spreekwoorde wat positief en/of negatief aangewend word:

Go hlaba seema.

'om 'n spreekwoord aan te haal of te gebruik.'

of

Go hlabela motho seema.

'om teenoor of i.v.m. iemand 'n spreekwoord te gebruik.'

('n positiewe gebruik van die spreekwoord)

en

Go hlaba motho ka seema.

'om iemand met 'n spreekwoord te steek' d.w.s. om hom daarmee "seer te maak".'

('n negatiewe aanwending van die spreekwoord)

Volgens Bezuidenhout (1981:174) is die kategorie monopolêre spreekwoorde in Noord-Sotho kleiner in omvang as bipoelêre spreekwoorde, aangesien die gebruik van monopolêre spreekwoorde beperk is tot situasies wat onderskeidelik as òf positief òf negatief geëvalueer kan word. Hierteenoor kan 'n bipoelêre spreekwoord t.o.v. 'n gegewe situasie positief, en m.b.t. 'n ander situasie negatief aangewend word. Spreekwoorde met 'n gebruiksvermoë van slegs positief of slegs negatief is dus in die minderheid. Die meeste spreekwoorde het 'n positiewe en negatiewe betekenis. Die situasie of omstandighede waaronder die spreekwoord gebruik word, is die deurslaggewende faktor, aldus Bezuidenhout (1981:174).

In teenstelling met monopolêre spreekwoorde, kan Grobler (1979:11) by bipoelêre spreekwoorde nie 'n absolute verdeling in positief en negatief maak nie, aangesien 'n bipoelêre spreekwoord in een situasie positief gebruik kan word, op grond waarvan dit as positief bipoelêr geklassifiseer kan word, terwyl dit m.b.t. 'n ander situasie negatief kan wees en dan as negatief bipoelêr beskou kan word. 'n Gegewe monopolêre spreekwoord word dus deurgaans gekenmerk deur òf 'n positiewe, òf 'n negatiewe strekking.

Voorbeelde:

Monopolêr positief

Dinaka di lekane baletsi.

'Daar is genoeg fluite vir die musikante.'

= 'n Jongman wat iemand die hof wil maak by 'n huis vol meisies, terwyl al die meisies verloof is.

A ba tlale ba ate, mona pelo ga a tsebje.

'Laat hulle vol word en vermeerder; die een met 'n hart is nie bekend nie.'

= Hoe meer mense, hoe meer onbekende potensiële weldoeners mag daar onder hulle wees.

Monopolêr negatief

Alafa molwetši a re go fola a roge ngaka.

'Genees die sieke en wanneer hy gesond is, vloek hy die dokter.'

= 'n Ondankbare persoon nadat hy gehelp is.

(Ondank is die wêreld se loon.)

Bipolêr positief en negatief

Pinyana ge e re ping, e kwele ping ye kgolo.

'As die spreekwoord sê "pieng", het hy die groot spreekwoord gehoor.'

= Kinders neem die eienskappe aan van hulle ouers.

(Aartjie na sy vaartjie.)

(Soort soek soort.)

Bogenoemde bipolêre spreekwoord kan 'n positiewe betekenis hê indien 'n kind bv. voortreflike eienskappe van die ouers uitleef of dit kan negatief gebruik word om swak eienskappe in iemand sagkens uit te druk. Spreekwoorde in Noord-Sotho het dus 'n meervoudige betekenis, aldus Bezuidenhout (1981:6-7).

Spreekwoorde met 'n negatiewe strekking herken Grobler (1978:24) aan die volgende:

- a) Die aangeleentheid (sosiale situasie) waarna die spreekwoord verwys, word as 'n misstap beskou (m.a.w. die persoonlike verhouding tussen die spreker en hoorder of ander betrokke (derde persoon) laat geen gemoedelikheid toe nie.

- b) Die persoon wat die misstap begaan (het) ('oortreder'), is die hoorder.
- c) Die persoon teenoor wie die misstap begaan is/word ('veronregte'), is die spreker.
- d) Die sosiale situasie hou verband met die hede of die verlede.

Waar een of meer van hierdie kenmerke in 'n gegewe spreekwoordgebruiksituasie ontbreek, het die spreekwoord 'n positiewe strekking. 'n Positiewe spreekwoord word dus aangewend met die bedoeling om 'n goeie verhouding tussen spreker en hoorder te bewerkstellig m.b.t. 'n bepaalde aangeleentheid. 'n Negatiewe spreekwoord daarenteen, gee uitdrukking aan 'n negatiewe verhouding tussen spreker en hoorder (bv. deur te berispe of tereg te wys).

Hierdie kenmerke wend Grobler (1978:24, 25) as klassifikasiekriteria aan:

- a) Die konsep van misstap sluit 'n wetlike oortreding, soos moord of diefstal, sowel as 'n oortreding teenoor die individu se persoonlike gevoelens in, bv. deur verontagsaming van goedbedoelde advies - d.i. skending van persoonlike verhoudinge.
- b) Die spreker-hoorder verhouding spesifiseer 'n tweedepersoonkorrelasie wat beteken dat bg. vier kenmerke tiperend is van 'n spreekwoord wat negatief gebruik word in 'n tweedepersoonkorrelasie. In 'n derdepersoonkorrelasie is hulle nie ter sake nie: die hoorder (2e persoon) is nie die oortreder nie; die 3e persoon is die oortreder. Waar die 2e persoon (hoorder) wel die oortreder is, hoef die spreker nie noodwendig die verontregte te wees nie. In die lig hiervan word vir klassifikasiedoeleindes uitgegaan van 'n tweedepersoonkorrelasie.

- c) Die tyd-kenmerk is vir Grobler (1978:25) van besondere belang. 'n Spreekwoord word negatief gebruik wanneer kenmerke (i) - (iii) voorkom en die sosiale situasie in die hede of die verlede geleë is.

Afwesigheid van kenmerk (iv) beteken dat die sosiale situasie nie in die hede of die verlede geleë is nie, maar by implikasie met die toekoms verband hou.

Na aanleiding van die voorafgaande, konstateer Grobler (1978:25) die volgende:

'n Spreekwoord wat in 'n tweedepersoonkorrelasie gebruik word, word positief aangewend indien

- i) die sosiale situasie nie met 'n misstap geassosieer kan word nie;
- ii) die sosiale situasie met 'n misstap verbind kan word, maar die spreker nie die 'verontregte', of die hoorder nie die 'oortreder' is nie; of
- iii) die sosiale situasie met 'n potensieële toekomstige misstap verband hou.

Voorbeelde:

Go ja kudu ga se go ntšha tlala.

'Om baie te eet, is nie om honger te verdryf nie.'

Situasie

'n Bruilofganger vergryp hom aan die verversings. Van die gaste neem aanstoot.

2e persoon: belediging - iemand stel dit aan hom dat hy gulsig is.

1e persoon: selfverwyt - hy is vies dat hy homself nie beteuel het nie.

3e persoon: ongunstige kommentaar - daar word neerhalend na sy gulsigheid verwys.

Positiewe strekking

'n Man wat hom soms aan eet- en drinkgoed vergryp, word na 'n deftige onthaal genooi.

Korrelasie

2e persoon: vermaning - sy vrou druk hom dit op die hart dat hy hom moet beteuel.

1e persoon: selfvermaning - hy neem hom voor om nie weer 'n vraat van homself te maak nie.

3e persoon: vermanende kommentaar - hy moet probeer om hom nie te vergryp nie.

Bezuidenhout (1981:177) doen verdere voorstelle aan die hand waarvolgens spreekwoorde moontlik geklassifiseer kan word. Hy noem die moontlikheid dat spreekwoorde deur die eerste persoon tot die tweede persoon gerig kan word. Die spreekwoord hoef nie op die tweede persoon betrekking te hê nie, maar kan op 'n derde persoon betrekking hê. Hy betwyfel dit egter of 'n klassifikasiesisteem lewensvatbaar sal wees volgens hierdie indeling. Weer hang dit af van die situasie waaronder die spreekwoord gebruik word.

6.6 KLASSIFIKASIE VAN SPREEKWOORDE WAT MONDELING GEBRUIK WORD

Wat die klassifikasie van mondelinge materiaal betref, meen Bezuidenhout (1981:179) die omstandighede waaronder die spreekwoord gebruik word, moet deeglik vasgelê word om 'n duidelike betekenis weer te gee. Deur met aandag te luister na die toonhoogte, ritme, intensiteit of aggressie in die stemtoon, meen hy dat selfs die geestelike toestand van die spreker waargeneem kan word. Slegs dan kan die korrekte en soms bedekte betekenis opgevang en aangedui word, anders ly die kwaliteit van die opgetekende en verklaarde spreekwoord daaronder.

6.7 ANDER MOONTLIKE KLASSIFIKASIES

Die voorafgaande klassifikasies gee geen aanduiding van die versmatige-, semantiese- of sintaktiese tipes nie.

6.7.1 Die versmatige tipe

Versmatige spreekwoorde kan teenoor nie-versmatige spreekwoorde gestel word bv. sintaktiese parallelisme: nie-sintaktiese parallelisme, semantiese parallelisme: nie-semantiese parallelisme, woordherhaling: nie-woordherhaling, woordgroepherhaling: nie-woordgroepherhaling en woordstamherhaling: nie-woordstamherhaling. So word woordherhaling (aangedui deur a) aangetref in:

Kgakakgolo se na ^amabala, ^amabala a na le kgakana.

'Die ou tarentaal het nie kleure nie, die kleure het (is by) die tarentaaltjies.'

= As aan iemand 'n geskenk gegee word wat nie vir homself iets werd is nie, kan dit miskien vir sy kinders van nut wees.

Maithuti ga se ^amakgoni, ^amakgoni ke maboeletša.

'Leerdere is nie die kenners nie, die kenners is hy wat herhaal.'

= Deur gedurig te probeer, behaal 'n mens uiteindelik sukses.

(Aanhouer wen.)

en woordkernherhaling (aangedui deur a) in:

^aMotšhabapula o ^atšhabela matlobotlobong.

'Hy wat vir die reën weghardloop, hardloop na 'n groter reën (n stortreën).'

= 'n Mens kan nie van jou probleme af weghardloop nie.

Waar jy ook al heen vlug, sal daar probleme wees, moontlik groter probleme.

Sintaktiese parallelisme (aangedui deur A en B) en leksikale herhaling (aangedui deur a en b) word aangetref in:

^ABa ^atšhaba, ^Bo ^atšhabe; ^Aba ^bema, ^Bo ^beme.

'As hulle sê hulle vlug, moet jy vlug; as hulle staan, moet jy staan.'

= Wees eensgesind.

(Eendrag maak mag.)

Geen versmatigheid word egter aangetref in die volgende spreekwoord nie:

Se bone mofofi, wa re ke moagi.

'Moenie die vlieër sien en dink hy is 'n bouer nie.'

= Moenie dink dat spoggerige mense altyd ryk mense is nie.

6.7.2 Die semantiese tipe

In 'n semantiese indeling kan spreekwoorde met 'n didaktiese strekking bv. teenoor spreekwoorde sonder 'n didaktiese strekking gestel word, bv.:

die spreekwoord

O re go bona tšhukudu o namele sehlare.

'As jy 'n renoster sien, moet jy in 'n boom klim.'

= As jy gevaar of onraad bemerk, moet jy padgee.

het 'n didaktiese strekking teenoor die spreekwoord

Mpa ga e na lefera.

'n Maag het nie 'n spaarkamer nie.'

= 'n Mens kan slegs eet tot hy versadig is; 'n mens word altyd weer honger.

wat geen didaktiese strekking het nie.

Dikwels word 'n spreekwoord gekenmerk deur die kontras (aangedui deur a en b) daarin, terwyl ander spreekwoorde nie kontras vertoon nie, bv.:

^aKgomo e rekwa ^bserope, ^anku e rekwa ^bmosela.

'n Bees word gekoop volgens die boud, 'n skaap word gekoop volgens die stert.'

= Die belangrikste saak by 'n bees is die boud; 'n skaap met goeie vleis word gesien aan die stert.

teenoor 'n spreekwoord sonder kontras:

Makhura a ngwana ke go rongwa.

'Die vet van 'n kind is om gestuur te word.'

= Die voordeel van 'n kind is daarin geleë dat jy hom kan stuur om een of ander werk te doen.

6.7.3 Die sintaktiese tipe

'n Sintaktiese indeling kan soos volg daar uitsien nl. enkelvoudige sinne : saamgestelde sinne bv.:

'n enkelvoudige sin word aangetref in die spreekwoord

Naka e paletše moletši.

'Die horing het die blaser (musikant) baasgeraak.'

= Sy dade het hom in die moeilikheid laat beland.

teenoor die saamgestelde sinne (aangedui deur 1 en 2) in die spreekwoord

¹O se sege yeo a wilego, ²maredi a sa le pele.

'Moenie vir die een wat geval het, lag nie, terwyl die glyplekke nog voor is nie (want jy kan ook gly).

= Moet jou nie verheug oor die leed van 'n ander nie.

Saamgestelde sinne kan onderverdeel word in newegeskikte saamgestelde sinne teenoor ondergeskikte saamgestelde sinne onderskeidelik in die volgende voorbeelde:

Poo ya kgomo e a bewa, ya motho e a ipea.

'Die bul van 'n bees word geplaas; die een van die mens plaas homself.'

= Dit hang van die mens self af watter prestasies hy in die lewe behaal.

teenoor

Phala tša mona marula, di a tloga.

'As die rooibokke die maroelas uitgesuig het, gaan hulle weg.'

= As jou vriende nie meer voordeel uit jou kan trek nie, verlaat hulle jou.

'n Indeling kan ook gemaak word vir newegeskikte saamgestelde sinne waarvan die eerste 'n afhanklike bysin insluit (aangedui deur 2) en newegeskikte saamgestelde sinne sonder 'n afhanklike bysin soos in:

Komana dula² o bapilwe, mohla wa mpe ga o tsebje.

'Wapen, bly gereed; die tyd van moeilikheid is nie bekend nie.'

= 'n Mens moet altyd gereed of op jou hoede wees vir enige gebeurlikheid.

teenoor

Mošemane ke thoka, o a kopa-kopa.

'n Seun is 'n kierie, hy swaai heen en weer.'

= 'n Seun het nog nie rigting nie; hy mik dan in dié rigting en dan in daardie rigting.

Onderskeid kan ook getref word tussen spreekwoorde met vokatiëwe (aangedui met 'n asterisk) en dié daarsonder asook spreekwoorde met vokatiëwe aan die begin van die spreekwoord en dié met vokatiëwe wat volg op 'n werkwoord bv.:

***Serurubele, o re: "Meetse ga ke nwe". O šika le noka, o nyaka'ng?**

'Skoenlapper (vlinder), jy sê: "Water drink ek nie". Jy vlieg al met die rivier langs, wat soek jy?'

= Iemand kan te kenne gee dat hy nie van 'n sekere iets hou nie, maar tog vind jy hom altyd in die nabyheid daarvan.

teenoor

Mpša ga e nailwe, ga e na mong.

'As 'n hond natgereën het, het hy nie 'n eienaar nie.'

= Iemand wat in die moeilikheid beland het, wil deur niemand geken wees nie.

Dit kan ook gebeur dat spreekwoorde klanknabootsing bevat. In die volgende spreekwoord word klanknabootsing aangetref (aangedui met 'n asterisk):

Mmapatši ke phokwana; o re: *"Mee mee!"

'n Handelaar is 'n jong bokrammetjie; hy sê: "Mê, mê!"

= As 'n mens jou doel wil bereik, moet jy praat.

terwyl die volgende spreekwoord geen klanknabootsing bevat nie:

Phoofolo ya mereba e itshenyetša letlalo.

'Die wilddier wat moedswillig is, verniel self sy vel.'

= Moedswillige mense dompel hulleself in die ongeluk.

6.8

SAMEVATTING

Uit die voorafgaande bespreking, is dit opvallend dat daar net soveel potensieële indelings is, as wat daar kriteria is vir die ondersoek van spreekwoorde. Geen enkele indeling kan egter bo die ander verkies word op onafhanklike gronde nie. Alle indelings is ad hoc en die geslaagdheid van elkeen kan slegs beoordeel word in terme van hoe doeltreffend dit geoordeel is aan sy eie uitgangspunte.

Ook

***Mooka, moiša-kgole, mmotu re bona go tlatša.**

'Heuningbytjie, ver-heen-nemer, die bywas tuitjies sien ons volop.'

= Beloftes is volop, maar die daede is min.

teenoor

Dumela *ra-motima-nko; molomo, o lehodu, o tima nko e go okametše.

'Wees gegroet meneer snoeper van die neus; mond, jy is 'n dief, jy snoep die neus wat bokant jou is.'

= Onderdane of onderhoriges geniet of ontvang en gebruik iets, terwyl dié wat oor hulle gestel is, niks daarvan kry nie.

(In bogenoemde voorbeeld word nog 'n vokatief nl. **molomo** aangetref waarop 'n nie-werkwoordelike predikaat volg.)

Ook 'n spreekwoord waar 'n gedeelte van die spreekwoord naas sy geheel sintakties nog sinvol kan optree, word gestel teenoor 'n spreekwoord waar die geheel noodsaaklik is bv.:

Tšhipu e rile ke lebelo ...

'Die springhaas het gesê: "Ek is vinnig ..."'

teenoor

Tšhipu e rile ke lebelo, mohlaba wa re ke nabile.

'Die springhaas het gesê: "Ek is vinnig", toe sê die sand: "Ek is uitgestrek".'

= ~~'n Mens kan jou maklik misgis.~~

(Hoogmoed kom tot 'n val.)

BIBLIOGRAFIE

BEZUIDENHOUT, J.S.

1981

Die Noord-Sotho-spreekwoorde en -gesegde: 'n Stilistiese Analise. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O.

BREED, J.

1956

'n Oorsig oor die moderne Noord-Sotho-Letterkunde tot 1954 (met verwysing na die tradisionele letterkunde). M.A.-verhandeling, U.P.

DIERKS, F.A.J.

1972

Die Inhoud van die Spreekwoord in Tswana. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

ERASMUS, J.G.

1973

Die plek en rol van die spreekwoord by die tradisionele opvoeding van die Bantoe met besondere verwysing na die Noord-Sotho-spreekwoord. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O.

ERASMUS, J.G.

s.j.

Uitgesoekte Noord-Sotho Spreekwoorde. A.P.B., Johannesburg.

GROBBELAAR, J.G.

1963

Junior Sepedi. Voortrekkerpers Bpk., Pretoria.

GROBLER, G.M.M.

1978

Interpretasie van die spreekwoord in Noord-Sotho. M.A.-verhandeling, U.P.

- GROBLER, G.M.M.
1979 "Oor die interpretasie van Spreekwoorde in Noord-Sotho", Studies in Bantoetale, Jaargang 6.1. 1-25.
- GROENEWALD, P.S.
1966 Die Struktuur van die verssisteem in die Ongeskrewe Woordkuns en in die Geskrewe Letterkunde van Noord-Sotho. Doktorale proefskrif, U.P.
- GUMA, S.M.
1967 The Form, Content and Technique of Traditional Literature in Southern Sotho. J.L. van Schaik, Pretoria.
- KOCK, J.H.M.
1984 Relatiefoms krywing in Noord-Sotho. M.A.-verhandeling, RAU.
- KOCK, S.D.
1982 Die Verste gnieke van 'n aantal Noord-Sotho digters. M.A.-verhandeling, RAU.
- LEKALA, J.S.
1967 Lemogang Polelo-Sehlopha sa V, VI. J.L. van Schaik, Pretoria.
- NTSANWISI, H.W.E.
1968 Tsonga Idioms. The Swiss Mission in South Africa, Johannesburg.
- POLLARD, T.S.
1980 'n Stilistiese Analise van die Tswana prysgedig. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O.

- RAKOMA, J.R.D.
1967 A o ka Hlatha? (Sesotho sa Transvaal).
J.L. van Schaik, Pretoria.
- RAKOMA, J.R.D.
1978 Marema-ka-dika Tša Sesotho sa Leboa.
J.L. van Schaik, Pretoria.
- SCHWELLNUS, P.E.
1923- Padišo I-VI. Noord-Sotho Boek Dépot.
Eerste Fabrieke, Pretoria.
- VAN ZYL, H.J.
1963 Dithuto tša Polelō (Sepedi) - st. III,
IV en V, VI. Bona Press, Johannesburg.
- VAN ZYL, H.J.
1966 Thika-Polelo - st. VI, VII.
- ONBEKEND
s.j. Kxaša-Peu I.

